

Mev Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Werkboek vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) is die jongste toevoeging aan die Departement van Basiese Onderwys se reeks Reënboog-Werkboeke. Die EAT-boeke is 'n belangrike verryking van die reeks en steun die Departement se beleid ten opsigte van additiewe tweetaligheid.

Kinders begin hul addisionele taal, Afrikaans, in Graad 4 as hul taal van onderrig en leer (TvOL) gebruik. Die oorskakeling van leer in hul huistaal na leer in 'n tweede taal beteken dat kinders teen die einde van Graad 3 'n hoë vlak van bevoegdheid in Afrikaans moet bereik ten einde Afrikaans in Graad 4 goed te kan lees en skryf. Die Reënboog-Werkboeke, wat vir Graad 1 tot Graad 6 in die 11 amptelike tale verskyn het, help leerders om 'n sterk geletterdheidsgrondslag neer te lê waarop hulle kan voortbou wanneer hulle 'n addisionele taal aanleer.

Die nuwe EAT-Werkboeke begin in Graad 1 met die lê van 'n stewige mondelinge grondslag, om leerders in staat te stel om Afrikaans in Graad 1 en 3 en later te lees en te skryf.

Die skoolkurrikulum stel egter spesifieke taaleise, en verg dat leerders 'n spesiale taalstyl vir leerdoeleindes moet gebruik, dit wil sê wanneer hulle skooltekste lees, akademiese tekste skryf, na onderwysers luister en aantekeninge maak, groepwerk doen, kaarte en grafieke gebruik, eksamen skryf, en so meer. Ons het hier probeer om die leerder se begrip en gebruik van akademiese taal (hul kognitiewe akademiese taalbevoegdheid) te ontwikkel, sodat hulle die gespesialiseerde taal sal kan gebruik wat hulle nodig sal hê wanneer hulle hul ander vakke deur middel van Afrikaans leer.

Ons het baie metodes en tegnieke ingebou om leerders te help om die vaardighede aan te leer wat hulle in die grondslag en intermediêre fase nodig sal kry. Ons hoop dat onderwysers dit as 'n vertrekpunt vir innovering in hul onderrig van Afrikaans sal gebruik. Ons hoop ook dat die kinders dit net soveel sal geniet om hierdie Werkboeke deur te werk as wat ons dit geniet het om hulle saam te stel.

Ons wens u alles van die beste in die ontwikkeling van u leerders se taalvaardighede toe, met die hoop dat die leerders Afrikaans goed genoeg onder die knie sal kry om dit by die leer van hul ander vakke te gebruik.

Werkboeke beskikbaar in die hierdie reeks:

- *Geletterdheid / Huistaal Graad 1-6 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 4-9 (In Engels en Afrikaans)*
- *Lewensvaardighede Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 1-3 (In Engels, Afrikaans, Sepedi en isiZulu)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 4-6 (In Engels en Afrikaans)*

Rainbow WORKBOOKS

FIRST ADDITIONAL LANGUAGE - AFRIKAANS GRADE 6 – TERM 1 - 2

ISBN 978-1-4315-0688-0

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

Graad 6

AFRIKAANS

Eerste Addisionele Taal

Boek 1
Kwartaal 1-2





Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS

AFRIKAANS

First Additional Language

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Second edition published in 2012

ISBN 978-1-4315-0688-0

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.



Graad 6

Eerste Addisionele Taal

AFRIKAANS

Kwartaal 1 & 2

Hierdie boek behoort aan:

DATUM

1 'n Sokkerstorie

Ons praat

Kyk na die titel van hierdie storie en na die prentjies. Bespreek met jou maat waaroor die storie dalk handel.



Ons lees

"Jaco, van die veld af!" roep die afrigter. "Jy ken Mooidorp-skool se veiligheidsreëls," voeg hy skerp by. "Sonder sokkerstewels speel jy nie!"

Jaco stap van die veld af sonder om te kyk wie hom dalk dophou. Hy gaan stil langs die veld sit en stel nie eens verder belang in hoe sy span vaar nie.



Die volgende Woensdag gaan Jaco nie sokker speel nie. Hy bly by die huis.

"Jaco, waarom gaan jy nie sokker speel nie?" vra sy ouma.

"Dit help tog nie, Ouma. As ek nie sokkerstewels het nie, word ek nie toegelaat om te speel nie. Dis die een of ander simpel veiligheidsreël!" sê Jaco moedeloos.

Ouma gee haar kleinseun 'n druk en sê niks nie.

Saterdagoggend sug Jaco en trek die komberse oor sy kop. Hy is hartseer dat hy nie sokker kan gaan speel nie. Wat gaan hy die hele dag lank doen?

Toe hoor hy iemand sy deur oopstoot. "Jou sokkerspan wag vir hul superdoelskopper, Jaco," sê sy.

"Maar Ouma, jy weet dat ek nie volgende week in die wedstryd sal kan speel nie. Wat help dit dan om te gaan oefen?" vra Jaco.

Ouma ignoreer egter sy knorrigheid en sê vir hom om sy oë toe te maak en sy hande oop te maak. Hy voel hoe 'n swaar pakkie in sy hande gesit word. Hy maak sy oë oop en sien dat dit 'n boks is. Toe hy dit oopmaak, lê daar 'n baie blink, splinternuwe paar sokkerstewels in die boks. "Ja, ja!" skree hy opgewonde. Hy spring op om die stewels aan te pas. "Hulle pas perfek!" roep hy bly uit.



"Maar Ouma, watter geld het jy hiervoor gebruik? Was dit jou pensioengeld?" vra hy.

"Nee my kind, jou Ouma is te verstandig daarvoor. Elke maand wanneer ek my pensioengeld kry, spaar ek 'n bietjie in die bank. Dit was die geld wat ek gebruik het om die stewels te koop."

"Baie dankie Ouma! Jy's die beste ouma in die wêreld!"

NUWE WOORDE

(Aangepas uit die JNA-eksamen vir 2011: "Saving for a better tomorrow")

Ons skryf

Omkring die letter langs die regte antwoord. As jy nie seker is van die korrekte antwoorde nie, lees die storie weer.

Hoe het Jaco gevoel toe hy nie toegelaat is om te oefen nie?		Waarom het Jaco die komberse oor sy kop getrek?	
A	Gelukkig	A	Hy het nie geweet wat hy heeldag sou doen nie.
B	Kwaad	B	Hy wou slaap want hy was moeg.
C	Moeg	C	Hy was so hartseer dat hy nie daardie dag sokker kon gaan speel nie.

Wat is die beste titel vir die storie?		Waarom het die afrigter Jaco nie sonder stewels laat speel nie?	
A	Hoe Ouma se spaargeld gehelp het	A	Omdat hy nie ver sou kon skop nie.
B	Pret by sokker	B	Omdat hy beseer sou kon word.
C	Jaco en die sokkerspan	C	Omdat dit koud was.

Nommer hierdie sinne van 1 tot 4 om die korrekte volgorde te wys waarin dinge in die storie gebeur het.

	Hy het nie sokkerstewels gehad nie.
	Ouma het vir hom sokkerstewels gekoop.
	Die afrigter het Jaco van die veld af gestuur.
	Hy het tuis gebly.



Vul die ontbrekende voorsetsels in hierdie sinne in.

Jaco was hartseer omdat hy nie _____ die sokkeroefening kon deelneem nie.

Hy het geen geld _____ bank gehad nie.

Hy het geweet dat hy nie _____ die veld toegelaat sou word nie.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

2

Jaco speel toe tog sokker

DATUM



Ons praat

Gesels met jou groep oor hoe jy gevoel het toe jy gelees het van Jaco wat nie sokker kon speel nie.
Maak nou 'n rolspel oor die storie van Jaco op. Jy sal drie karakters nodig hê: Jaco, die afrigter en die ouma.

Reëls vir groep- of paarwerk
- **Maak beurte om te praat.**
- **Gee ander 'n kans om te praat.**
- **Moenie onderbreek wanneer ander praat nie.**
- **Moedig almal in die groep aan om te praat.**
- **Maak oogkontak met ander.**



Ons skryf

Stel jou voor dat jy Jaco is. Skryf 'n stukkie in jou dagboek oor wat met jou gebeur het. Ons het die stukkie vir jou begin.

Liewe Dagboek

Verlede week het my afrigter my van die veld af gestuur omdat ...







NUWE WOORDE

Trek 'n streep om die eerste deel van elke sin in kolom A met die korrekte deel in kolom B te verbind om 'n volledige sin te maak.

A	B
Indien jy nie leer nie	sal jy nie toegelaat word om sokker te speel nie.
Indien jy nie sokkerstewels het nie	sal jy jouself brand.
Indien jy met vuur speel	sal jy laat wees vir skool.
Indien jy laat gaan slaap	sal jy in jou eksamen druip.



Ons praat

Bespreek hierdie sokkerligatabel met jou maat. Besluit watter spanne goed vaar.

Juniorliga – Onder 13-spanne			
Span	Wedstryde gespeel	Wedstryde gewen	Wedstryde verloor
Mooidorp-skool	8	7	1
Menlopark	7	7	0
Brooklyn	9	5	4
Pretoria-Wes	9	4	5
Jong Leeus	8	3	5
Super Boys	6	3	3
Lyttelton	9	0	9





Ons skryf

Vul nou antwoorde op hierdie vrae in.

Watter twee spanne sou hierdie toernooi kan wen?	
Watter span is die swakste?	
Hoeveel wedstryde het Menlopark gewen?	
Hoeveel wedstryde het Lyttelton gewen?	
Watter span het geen wedstryde verloor nie?	
Watter span sou jy ondersteun? Waarom?	

Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

3 Verskillende sportsoorte



Ons lees Lees hierdie gedig hardop in jou groep.

Moet nooit 'n duisendpoot vra
om sokker te speel.
Hy het 50 paar stewels --
doele skop is vir hom die reël.

Hy dribbel 50 sokkerballe
met 50 paar skoene,
en skop hulle almal terselfdertyd
vir 50 stelle doele.

Hy's so 'n verwoede speler
dat as jy hom ooit sou ontmoet,
jy eerste die 100 voete sal gewaar
en dan die oorwinning sal groet!

(Kenn Nesbitt – vertaal)







Ons skryf Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas.

duisendpoot	harde, verbete
terselfdertyd	insek met 50 pare pote
verwoede	om te wen
oorwinning	om te verloor
neerlaag	op een slag



Ons skryf Watter woord in die gedig rym met hierdie woorde?

speel	skoene	ontmoet
Hoeveel pote het 'n duisendpoot?		
Waarom dink die digter die duisendpoot is so 'n goeie sokkerspeler?		

Ons skryf

Trek 'n streep van die sametrekking links na sy lang vorm regs.

sy't	hy is
hy's	daar is
k'weet	sy het
daar's	ek weet

Die afkappingsteken (') word in sametrekkings in die plek van 'n letter of letters gebruik: ek't is die sametrekking van ek (he)t. Die afkappingsteken neem hierdie plek van die het in.

Gebruik nou 'n afkappingsteken om die woorde wat onderstreep is, saam te trek.

Ons het **geen** geld nie.
Ons het g'n geld nie.
Jaco kon nie sokker speel nie. **Hy het** nie sokkerstewels gehad nie.
Ouma het nie haar pensioengeld gebruik nie. **Sy is** heeltemal te verstandig.

Ons doen

Sportvasvra



Kyk na die prentjies en vul dan die name van die sportsoorte in sodat hulle in die beskikbare plekke inpas. Hierdie simbool staan vir pret.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

4

Jy skryf 'n storie

DATUM

Ons skryf

Lees weer die storie oor Jaco in Werkkaart 1. Kyk dan na die prentjies in hierdie werkkaart. Gesels met jou maat oor wat in elke prentjie gebeur, en vul die antwoorde op die vrae in die rame hieronder in.

Storieplan

Wie is die hoofkarakters in hierdie storie?

Waaroor handel die storie? (Wat was die situasie of probleem?)



Hoe eindig dit? Hoe word die probleem opgelos?

Watter gebeure vind plaas?

Skryf die storie nou in jou eie woorde.

Gebruik jou aantekeninge uit die plan om die storie op rofwerkpapier te skryf. Wanneer jy dit gedoen het, lees dit aandagtig deur en maak enige foute reg. Vra dan jou maat om jou storie deur te lees en jou te help om enige verdere foute reg te maak.

Jy is nou gereed om die storie netjies in die ruimte hieronder te skryf. Onthou om jou storie 'n titel te gee.



NUWE WOORDE







Onderwyser:

Teken:

Datum:

5

Ons groentetuin

DATUM

Ons praat

Kom ons lees nou 'n ander storie. Kyk na die titel en die prente. Bespreek met jou maat waaroor hierdie storie dalk handel.



Ons lees

Meneer Joseph, 'n Graad 6-onderwyser, was 'n ywerige tuinier. Hy het ons aangemoedig om saam met hom 'n groentetuin by die skool te begin. Die groentetuin sou so werk:

1) Elke dag sou die skool party van die groente vir middagete aan die kinders by die skool gee.
2) Elke Vrydag sou leerders party van die groente huis toe neem.
3) Die oorblywende groente sou verkoop word om geld vir die skool in te samel.

Ons was almal baie opgewonde en wou dadelik begin. Ons het meneer Joseph gehelp om 'n heining om die tuinarea te bou sodat diere nie die groente sou eet nie.

Meneer Joseph het aan ons verduidelik hoe ons die grond moet voorberei om groente te plant.

Ons het onsself in groepe verdeel, en elke groep het die grond voorberei om ons eie groente te plant. Mevrou Smit van die plaaslike kwekery het vir ons kool-, ui-, beet- en spinasie-saailinge gegee. Ons het die saailinge in rye geplant.

Ons het beurte gemaak om die saailinge elke dag nat te lei, selfs gedurende die skoolvakansies. Omtrent 6 weke later was die spinasie reg om gepluk te word. Ons was almal baie opgewonde.



Met verloop van tyd het al die ander groente ook mooi gegroei. Almal was baie trots op die tuin. Ons wou alles wat ons geleer het, met ons familielede deel, daarom het meneer Joseph 'n gesinsdag gereël. Al ons ouers het na ons tuin kom kyk. Ek natuurlik het hulle almal 'n heerlike bord groentesop vir middagete geniet.

Ons skryf

Omkring die letters langs die regte antwoorde. Indien jy nie seker van die regte antwoorde is nie, lees die storie weer.

Waarom het hulle 'n heining om die tuin opgerig?		Waarom het hulle die ouers uitgenooi om die skool te besoek?	
A	Sodat diere nie die groente sou eet nie.	A	Om middagete te kom geniet.
B	Sodat diewe nie die groente sou steel nie.	B	Om te leer hoe om groente te kweek.
C	Sodat motors nie deur die tuin sou ry nie.	C	Om groente te pluk.

Wie was die Graad 6-onderwyser?		Saailinge is	
A	Mnr Jacobs	A	Klein plantjies
B	Mnr Joseph	B	'n Pakkie saad
C	Mev Smit	C	Wortels van 'n ander plant

Nommer die sinne van 1 tot 4 om die regte volgorde aan te dui.

	Hulle het beurte gemaak om die tuin nat te lei.
	Hulle het saailinge in rye geplant.
	Die eerste spinasie was gereed om gepluk te word.
	Hulle het die grond voorberei.

Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas.

ywerige	plek waar plante verkoop word
oorblywende	gemotiveer
aangemoedig	gereedmaak
voorberei	toegewyde
kwekery	orige







Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

6 Plante

Ons lees Lees die gedig hardop in jou groep.
Voel die ritme daarvan terwyl julle dit lees.

Onderstreep dan die rymwoorde in die gedig. Klink die woorde saad en baat eners?

Die skrywer noem 'n paar verskillende dele van die plant. Omkring hulle.

Pas hulle by die etikette op die teenoorgestelde bladsy.





Kyk mooi hoe lyk 'n plant

'n Plant groei van 'n kleine saad,
'n Bietjie water en son sal hom baie goed baat.
Eers groei die wortels onder die grond,
Hulle suig minerale van oral rond.
Dan kom die steeltjies uitgespruit,
En sprei die takke hulle breedweg uit.
Blare groei in alle groottes en fatsoene,
Nuwe lewe bars voort in al die groene.
Blomme blom van botsels aan stele,
Hulle is so mooi soos kosbare juwele.
Sommige plante gee ons vrugte so soet,
Ander dra groente so goed.
Nuwe saad word vervoer heen en weer,
Deur wind en water al meer en meer.
Die siklus gaan voort,
En dis soos dit hoort.

R. Jordan



Ons doen

Kyk na die verskillende dele van 'n plant. Vul dan die korrekte nommer en etiket in die spasie onder elk van die beskrywings in.

NUWE WOORDE



saad | blom | botsel | stingel | wortel | vrug | blaar

Hierdie deel van die plant groei aan die einde van 'n stingel.

1 botsel

Hierdie deel van die plant absorbeer die sonlig en lug, sodat voedsel geproduseer kan word.

Hierdie deel van die plant dra die water van die wortels na die res van die plant.

Hierdie deel van die plant lok die bye sodat hulle sade kan maak.

Hierdie deel van die plant absorbeer water en voedingstowwe uit die grond uit.

Dit is waar die saad beskerm en geberg word.

Dit is waar sade ontwikkel. 'n Mens kan hierdie vrugte eet.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

7

Wat is 'n tuinklub?

DATUM



Wanneer jy gedetailleerde inligting nodig het, moet jy vrae stel wat met w begin. Die w-woorde wie, wat, watter, wanneer, waar en waarom word gebruik om hierdie soort vraag te stel.

Ons skryf

Kyk mooi na die volgende oefening. Ons het vir jou die antwoorde gegee. Jy moet vrae skryf wat begin met die w-woorde wat ons jou gegee het.

Meneer Joseph wys die kinders hoe om saailinge te plant.

Wie wys die kinders hoe om saailinge te plant?

Hulle lei die tuin elke dag nat.

Wanneer ?

Ons ouers het na ons tuin kom kyk.

Wie ?

Hulle lei die plante elke dag nat omdat dit baie warm is.

Waarom ?

Die groentetuin is by ons skool.

Waar ?

Hulle het 'n heining gebou.

Wat ?

Dit is Jabu se baadjie.

Wie se ?

Ons rolspeel

Maak 'n rolspel op waarin jy aan die kinders verduidelik waarom hulle by die skool se tuinmaakklub behoort aan te sluit. Hulle moet w-vrae aan jou stel.

Ons doen

Maak 'n plakkaat wat kinders sal aanmoedig om by die skool se tuinmaakklub aan te sluit.

Die plakkaat moet verduidelik wat die tuinklub is, wanneer en waar hulle bymekaarkom, en waarom die tuinklub so belangrik is. Teken 'n prent op die plakkaat om aandag te trek.

Tuinmaakklub

Onderwyser:

Teken:

Datum:

8

Ons hersien 'n paar dinge

DATUM

Ons skryf Skryf hierdie sinne in die verlede tyd oor.

Vandag berei ons die grond voor om groente te plant.
Gister

Vandag plant ons saailinge.
Gister

Vandag lei ons die plantjies nat.
Gister

Vandag begin die plantjies groei.
Gister

Vandag pluk ons ons eerste groente.
Gister

Vandag kom ons ouers na ons groentetuin kyk.
Gister

Vandag gee ons vir ons ouers lekker groentesop.
Gister

Omkring die regte vorm van die werkwoorde in hierdie sinne.

Aan die begin het die leerders beurte gemaak/maak om die saailinge nat te lei.
Hulle het gate vir die saailinge gegrawe/grawe.
Verlede maand het meneer Joseph die kinders vra/gevra om te help.
Jan se ma kan/kon nie gister na die skool toe kom nie.
Ek het laat geslaap/slaap en die bus verpas.



Ons skryf Skryf hierdie sinne oor maar gebruik die regte leestekens en spelling.

NUWE WOORDE

tuinmaak is pret vir muisies en seens

menere joseph sê ons moet in september gereed wies om te plant

Mooidorp skool het 'n goeie teinmaakklub

Kies 'n boek wat jy gelees en geniet het.
Skryf nou 'n resensie (verslag) daaroor. Vul die volgende inligting in:

Titel van boek	
Outeur	
Intrige Wat gebeur in die storie?	
Agtergrond Waar en wanneer speel die storie hom af?	
Karakters Wie is die mense in die storie?	
Tema Waaroor handel die storie? Wat is die storie se boodskap?	
Waarvan ek gehou het Wat was die beste deel van die storie?	
Aanbeveling Waarom jy die storie vir 'n maat sou aanbeveel	



Onderwyser:
Teken:
Datum:

9 Wat is nuus?

DATUM



KINDERNUUS

31 Maart 2013

Skool eet sy pad na sukses

Mooidorp-skool verskaf groente aan gesinne in die voorstad Mooidorp.

Die Graad 6-onderwyser mnr. Joseph het in September verlede jaar 'n tuinmaakprojek by die skool begin. Elke Vrydag neem die Mooidorp-kinders groente huis toe. Die skool voorsien tans groente aan 50 gesinne (ongeveer 250 mense).

Die skool gebruik ook groente uit die skooltuin vir middagetes vir 500 kinders.

Dr Baloyi, woordvoerder vir die Departement van Gesondheid, sê: "Groente is baie gesond, veral vir kinders en vir ouer of siek mense." Groente voorsien die vitamiene wat mense nodig het om hulleself teen siektes te beskerm.

Geel en groen groente is ryk aan vitamien A en C.

Vitamien C word aangetref in geel vrugte en in groen en geel groente. Vitamien C beskerm ons teen siektes. Dit hou ook ons tandvleis gesond.

Vitamien A kom in groen en geel groente voor en is goed vir gesonde vel, hare en oë.

Mnr. Joseph sê die projek sal uitgebrei word. "Ek hoop dat meer kinders by die tuinmaakklub sal aansluit," sê hy. "Ons moet hard werk vir 'n gesonde gemeenskap."



MOOIDORP-SKOOL WEN SOKKERLIGA

Die Mooidorp-skool het die 2012-sokkerliga gewen.

Die sokkerafrigter, mnr. Ramarumo, sê dat die span dit verdien het om te wen omdat hulle hierdie seisoen baie hard geoefen het.

Mnr. Brown van die Skoolsokkervereniging sê dat die skool se "geheime wapen" die gesonde kos is wat deur die skool voorsien word. Die spelers is sterker en gesonder as wat hulle verlede jaar was.

Die superdoelskopper, Jaco Jacobs, het verlede week die wendoel teen Menlopark aangeteken.



NUWE WOORDE

Reëls vir die skryf van 'n goeie nuusberig

1. Eerste paragraaf

Sê in jou eerste sin of twee wie, wat, wanneer, waar en waarom. Probeer die leser se aandag met 'n humoristiese, slim of verrassende stelling vasvang.

2. Tweede, derde en vierde paragraaf

Gee die leser die besonderhede. Sluit een of twee aanhalings in van mense met wie jy onderhoude gevoer het. Gebruik aanhalingstekens om te wys wat die kundiges gesê het.

3. Laaste paragraaf

Sluit af met 'n aanhaling of 'n interessante frase.



Ons skryf

Kyk na die koerantberig op die vorige bladsy en beantwoord dan hierdie vrae.

Wat is die naam van die koerant?

Wat is die hoofopskrif?

Hoe trek hierdie hoofopskrif ons aandag?

Watter berigte verskyn op die voorblad van hierdie koerant?

Hoe het die skool se tuinprojek tot die skool se oorwinning in die sokkerliga bygedra?

Kyk na die koerantberig oor die groentetuin en beantwoord dan hierdie vrae.

	Waar kry ons hierdie vitamiene?	Waarom het ons dit nodig?
Vitamien A		
Vitamien C	Donkergroen groente soos brokkoli en spinasie	
	Geel groente: wortels, skorsies en pampoen	
	Geel vrugte: lemoene en nartjies	



DATUM

10 Gesond eet

Ons skryf

Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas.

hoofopskrif	mense wat in dieselfde gebied woon
aanhaling	wat iemand gesê het
gemeenskap	behoort te kry
verdien	titel

Skryf hierdie sinne in direkte rede.

Dit is belangrik dat ons elke dag vars groente moet eet.

Dr Baloyi het gesê: "

Elke skool en elke huis behoort 'n groentetuin te hê.

Dr Baloyi het gesê: "

Ons moet ons eie groente kweek.

Dr Baloyi het gesê: "

Kom ons kyk nou weer na persoonlike voornaamwoorde.

Die persoonlike voornaamwoorde is:
ek hy sy
dit ons jy hulle

Onderstreep die persoonlike voornaamwoorde in elk van hierdie sinne.

Ek is by die skool.	Ons is kinders.
Sy is 'n meisie.	Jy is my beste maat.
Hy is 'n seun.	Hulle speel sokker.
Dit is 'n roos.	Ons eet ons middagete.

Ons skryf

Kyk nou na hierdie langer lys van persoonlike voornaamwoorde, en onderstreep hulle in die sinne hieronder.

PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE	
ek	my
ons	ons
jy	jou
hy	hom, sy
sy	haar
dit	dit, sy
julle	julle, julle s'n



Daardie boek behoort aan my.
Ek het die boek aan hom gegee.
Sy het haar boek in haar handsak gehad.
Dit is jou boek.
Ons het die sokkerstewels aan hulle gegee.



Ons ken persoonlike voornaamwoorde. Maar daar is ook ander soorte voornaamwoorde, soos **refleksiewe voornaamwoorde**. Kyk na die tabel hieronder om te sien wat hulle is.

PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE		REFLEKSIEWE VOORNAAMWOORDE
ek	my	myself
ons	ons	onsself
jy	jou	jouself
julle	julle	julleself
hy	hom	homself
sy	haar	haarself
dit	dit	homself
hulle	hulle	hulleself



Onderstreep die persoonlike voornaamwoorde en refleksiewe voornaamwoorde in die volgende sinne.

Jy moet jou vakansie geniet.
Noudat sy vier jaar oud is, kan sy haarself aantrek.
Sy het haarself seergemaak toe sy uit die boom geval het.
By die huis bied ek hom 'n koeldrank aan.
Wanneer hulle ouers by die werk is, sorg hulle vir hulleself.



DATUM

11 Beplan jou eie nuusberig



Werk met ’n maat om jou eie koerantberig oor ’n prestasie by jou skool te beplan.

Besluit waaroor jy sal skryf. Skryf die onderwerp van jou berig in die middel van die spinnekopkaart, en vul dan die vier dinge waaroor jy sal skryf in die vier rame in. Jy kan die spinnekopkaart as jou riglyn gebruik wanneer jy jou koerantberig skryf.



1 _____

2 _____

My koerantberig handel oor:

_____







3 _____

4 _____



Voordat jy jou koerantberig begin skryf, lees die reëls vir die skryf van 'n berig op Werkkaart 9.

Opskrif

Datum

Teken 'n prent oor jou berig

Onderwyser:

Teken:

Datum:

12

Die voedsel wat ons eet

DATUM

Ons lees

Hierdie kaart word 'n voedselpiramide genoem. Dit help jou om te besluit watter voedsel gesond vir jou is. Elke dag moet jy voedsel uit elke voedselgroep eet. Jy moet meer voedsel van die onderkant van die piramide eet, en minder voedsel van die bopunt van die piramide.

Ons praat

Verduidelik hierdie voedselkaart aan jou maat.



Ons skryf

Watter kossoorte is in die proteïengroep?

NUWE WOORDE

Watter kossoorte is in die koolhidrategroep?

Ons praat

Vra jou maat watter kossoorte hy of sy die afgelope twee dae geëet het. Vul dit in die tabel hieronder in.

	Gister	Vandag
Vette en olies		
Koolhidrate		
Proteïene		
Vrugte		
Groente		

Ons skryf

Maak 'n lys van jou gunstelingkossoorte en vul dit op die regte plekke op die voedselweb in.



KOOLHIDRATE	PROTEÏENE	VETTE EN OLIES	GROENTE EN VRUGTE

Onderwyser:
Teken:
Datum:

13

Hoe om dit te doen

Vloeidiagramme word gebruik om instruksies te gee en help ons om hulle in die regte volgorde uit te voer.

DATUM



Ons praat Kyk na die vloeidiagram wat wys hoe Nomsa haar dag deurbring. Sê vir jou maat wat in die vloeidiagram gebeur. Vul die tyd op elk van die horlosies in en skryf in elke raampie 'n byskrif.



Ons skryf

Hieronder word instruksies gegee oor hoe om 'n koppie tee te maak. Hulle is in die verkeerde volgorde. Skryf hulle in die regte volgorde in die vloeidiagram oor.

Sit drie teesakkies in die teepot.

Roer die tee in die koppie met 'n teelepel.

Laat dit 5 minute lank trek.

Voeg genoeg melk by die koppie.

Verwarm die teepot met warm water.

Giet kookwater op die teesakkies.

Vul 'n ketel met vars water.

Giet tee in die koppie.

Kook die water in die ketel.



1.
2.
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.

Ons skryf

Gebruik nou hierdie raampies om 'n vloeidiagram te maak om te wys hoe jy 'n gewone dag deurbring.



14

Die verbinding van sinne

DATUM



Ons skryf Onderstreep hierdie voegwoorde in elk van die sinne hieronder.

en of maar omdat

Ek hou van roomys en lekkers.
Wil jy roomys of lekkers hê?
Ek hou van roomys maar nie van lekkers nie.
Ek eet nie lekkers nie omdat ek my tande gesond wil hou.

Ons gebruik voegwoorde om twee eenvoudige sinne met mekaar te verbind. Kyk na die voorbeeld en let op watter woorde ons uit die saamgevoegde sin weglaat.

Verbind nou hierdie sinne deur die voegwoorde in rooi te gebruik.

Ek hou van lekkers. Ek hou van koek. (en)

Ek hou van lekkers en koek.

Ek hou van lekkers. Ek hou van koek. (en)

Ek hou van lekkers en koek.

Die hond het die motor gejaag. Die kat het die motor gejaag. (en)

Die seuns speel sokker. Hulle speel krieket. (en)

Ek hou van lekkers. Ek hou nie van koek nie. (maar)

Ek leer hard. Ek wil in die eksamen slaag. (omdat)

Ek hou van reën. Ek hou nie van hael nie. (maar)

Ons skryf Skryf twee sinne oor dinge wat jy by die skool geniet.

NUWE WOORDE

Verbind hulle nou om een sin te maak. Gebruik "en".

Trek hierdie lyne na om die regte versamelname vir hierdie diere te kry. Wanneer jy die antwoorde opspoor, skryf hulle in die raampies onder die regte prente.

Wanneer ons van "'n span sokkerspelers" praat, gebruik ons 'n versamelnaam.













kolonie

skare

trop

werpsel

swerm

kudde

Onderwyser:
Teken:
Datum:

15

Hoe verteer ons ons voedsel?

DATUM

Ons lees

Lees die verduideliking hieronder. Wys na die regte dele van die prent terwyl jy lees wat elke deel van ons verteringstelsel doen.



1

Jy kou 'n appel. Jou **tande** en die **speeksel** in jou **mond** maak die appelstukkies sag sodat jy dit kan insluk.

2

Die sagte stukkies beweeg af in jou **slukderm.**

3

Die appelstukkies kom in jou **maag** aan. Jou maagsappe breek die appel tot vloeistof af.

4

Die vloeibare appel beweeg na jou **dunderm**. Die voedingstowwe van die appel word na jou bloed gestuur. Jou bloed dra die voedingstowwe na die dele van jou liggaam wat hulle nodig het.

5

Die dele van die appel wat jou liggaam nie nodig het nie, gaan jou **dikderm** binne en verlaat uiteindelik jou liggaam.

Ons praat

Gebruik die verduideliking en prent om aan jou maat te verduidelik hoe voedsel in die liggaam verteer word.

Ons skryf

Stel 'n vloeidiagram op om te wys wat met die voedsel, wat ons eet, gebeur.

Doen hierdie woordsomme om saamgestelde woorde te vorm, soos in die voorbeeld.

1. tande + borsel = tandeborsel	2. see + kat =
3. reën + boog =	4. kat + vis =
5. skoen + lapper =	6. tee + lepel =
7. hand + sak =	8. brand + bestryder =
9. tafel + doek =	10. sop + bord =








16

Kom ons hersien 'n paar dinge

DATUM

Ons skryf

Vul die regte persoonlike en refleksiewe voornaamwoorde in.

Jaco se onderwyser het vir die kinders gesê dat (1) _____ (2) _____ eie groente vir (3) _____ gesinne moet kweek. Ons kan almal (4) _____ gesinne help. Ons kan ook (5) _____ beter voed. Groente gee (6) _____ liggame die vitamiene wat (7) _____ nodig het. Ons moet probeer om elke dag iets uit elkeen van die voedselgroepe te eet.



Ons skryf

Skryf hierdie sinne met die regte leestekens oor.

dit is pieter se boek

die onderwyser vra waar is jou huiswerk

my verjaarsdag is in maart en jaco sn is in junie

woensdag gaan pieter en jaco polokwane toe

Ons skryf

Skryf hierdie sinne nou in die verlede tyd oor.

Ons kweek bone, wortels, ertjies en tamaties.

Ons gaan winkel toe.

Ons eet groente uit die tuin.

Ons eet ons aandete en gaan dan slaap.

Ons skryf

Breek hierdie woorde in twee dele op.

aarbei		daglig	
deurknop		gloeilamp	
sonskyn		sopbord	

Ons pas

Kies die sinonieme (woorde met dieselfde betekenis) wat by elk van die woorde tussen hakies pas.

Die gesin is baie (ryk) _____.

Hulle het 'n (geveg) _____ gehad.

Ek (hoop) _____ ek wen die prys.

Die (rower) _____ het in ons huis ingebreek.

In die winter is dit (koud) _____.

Ek kon die dogtertjie hoor (huil) _____.

snik
ysig
wens
dief
argument
welgesteld

Onderwyser:
Teken:
Datum:



Op die aarde en onder die see







DATUM

17 'n Storie oor Santjie die waterskilpad



Ons lees

Die besoedeling van die oseaan is 'n **omgewingsprobleem** wat die lewens van die diere wat in die see leef, nadelig beïnvloed. Kyk mooi na hoe Santjie die skilpad **verstrengel** raak in 'n plastieksak wat iemand in die see gegooi het.



Ons skryf

Vul die spraakborrels in om te wys wat Santjie in elke prent sê.

Santjie en haar familie woon al byna 'n halfeeu in die see. Hulle het baie maats.

Ek is so honger. Ek wonder wat ons vandag te ete sal kry.

Santjie wonder wat al die goed op die bodem van die see is.

Ek weet nie. Ek dink nie ons kan dit eet nie.

Terwyl Santjie swem, raak haar vinne in 'n plastieksak verstrengel.

Santjie vra haar maats om haar te help. Die seekat probeer haar help, maar selfs met agt bene kry hy nie die plastieksak los nie.

Ek gebruik al my bene, maar ek kan dit nie loskry nie.

Kan jy my asseblief help?

Ek sal probeer.

Santjie vra die drilvis om haar te help.

Santjie begin swak voel. Die plastieksak trek al stywer om haar. Daardie nag is sy te swak om onder water te bly en begin sy na die oppervlak toe dryf.

Kyk, sy het seergekry van die gemors wat mense in die see gooi. Kom ons neem haar na die kliniek toe.

Toe gewaar twee mans op 'n boot vir Santjie. Hulle red haar en neem haar op hulle boot na die marinesentrum toe. By die sentrum gee hulle haar 'n inspuiting om haar te help om te slaap terwyl hulle aan haar werk. Toe sy wakker word, is die plastieksak losgesny.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

Die mans versorg vir Santjie totdat sy weer sterk en gesond is. Toe neem hulle haar na die see toe terug en laat haar weer in die water vry.

DATUM

18 Die versorging van seediere

Ons lees

Lees wat drie van jou maats in hul spraakborrels op Werkkaart 17 geskryf het. Wie se storie dink jy is die beste? Waarom dink jy so?

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Omkring die letters langs die regte antwoorde. Indien jy nie seker van die antwoorde is nie, lees die storie weer.

Wat is die hoofboodskap van hierdie storie?	
A	Rommel wat in die see gegooi word, kan seediere seermaak.
B	Seediere behoort nie naby aan rommel te gaan nie.
C	Hoe laf die skilpad was om naby aan die rommel te swem.

Hoe lank woon Santjie en haar familie al in die see?	
A	10 – 15 jaar
B	15 – 20 jaar
C	45 – 50 jaar

Wie behoort die skuld te kry vir wat Santjie oorgekom het?	
A	Mense
B	Die ander diere, omdat hulle haar nie gewaarsku het nie
C	Santjie, omdat sy gulsig kos gesoek het

Wat is 'n goeie titel vir die storie oor Santjie?	
A	Hoe mense diere bedrieg
B	Santjie se ete loop uit op 'n ramp
C	Hoe besoedeling diere seermaak

Ons skryf

Nommer hierdie sinne van 1 tot 6 om die regte volgorde te wys.

	Sy het in 'n plastieksak verstrengel geraak.
	Vandag was Santjie honger en het kos gaan soek.
	Santjie en haar familie woon al 50 jaar in die see.
	Sy het baie rommel op die bodem van die see gesien.
	Nie een van die diere kon haar loskry nie.
	Sy het na die oppervlak gedryf, en twee mans in 'n boot het haar gehelp.

Ons skryf

Kies die betekenisse regs wat pas by die woorde links.

marinesentrum	vullis in die omgewing
besoedeling	vasgewikkel
omgewing	50 jaar
verstrengel	sentrum waar seediere bestudeer en behandel word
halfeeu	die natuurlike wêreld

NUWE WOORDE

Ons skryf

Stel jou voor dat jy Santjie die skilpad is. Skryf 'n stukkie in jou dagboek waarin jy vertel wat met jou gebeur het en hoe jy gered is.

Liewe Dagboek

Vandag het ek kos gesoek. Toe sien ek 'n paar interessante dinge op die bodem van die see. ...

Onderwyser:

Teken:

Datum:

19

Kom ons hou die omgewing skoon

DATUM

Ons rolspeel

Maak 'n rolspel oor die storie van Santjie die skilpad op.

Ons doen

Ontwerp nou 'n plakkaat om mense aan te moedig om die omgewing skoon te hou. Kies die land of die oseaan. Voorsien ook kontakbesonderhede vir 'n diereredingsorganisasie waarby mense kan aansluit om diere wat in nood verkeer, te help. Jou plakkaat moet 'n baie sterk boodskap bevat oor waarom dit belangrik is dat almal die omgewing moet beskerm.



Ons skryf

Beoordeel nou jou eie plakkaat. Kyk na die volgende vrae, en voeg 'n regmerkie ✓ vir "ja" en 'n kruisie × vir "nee" langs elke vraag by.

Het jy 'n prent geteken om mense se aandag te vestig op die skade wat rommel kan veroorsaak? ☐

Het jy kleure gebruik om aandag te trek? ☐

Het jy affektiewe woorde (gevoelswoorde) gebruik om mense te oorreed om nie ons seediere of ons landdiere leed aan te doen nie? ☐

Is dit duidelik watter ouderdomsgroep deur jou plakkaat geteiken word? ☐

Bevat jou plakkaat die boodskap dat mense beseerde diere behoort te help? ☐

Bevat jou plakkaat kontakbesonderhede van 'n diereredingsorganisasie? ☐

Ons lees

Lees die gedig hardop vir jou maat. Onderstreep dan die werkwoorde wat in die verlede tyd is.

Die skilpadjie

Daar was 'n skilpadjie,
Wat gewoon het in 'n boks.
Hy het in 'n plassie geswem
En gelê op 'n rots.

Hy het gehap na 'n muskiet,
Hy het gehap na 'n by
Hy het gehap na 'n vlinder,
En hy het gehap na my.

Toe vang hy die muskiet,
Toe vang hy die by.
Toe vang hy die vlinder,
Maar wat hy nie gevang het nie, was vir my.

Adapted C Lindsay



NUWE WOORDE

Onderstreep die rymwoorde in die gedig en vul hulle dan in die ruimtes hieronder in.

Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die negatiewe vorm oor.

Sy het my gevang.

Sy het my nie gevang nie.

Hy het na my gehap.

Hy het my gejaag.

Sy het 'n boek.

Ek het 'n pen.

Ons geniet dit.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

20

Onder die see

DATUM



Ons praat

- Het jy al ooit 'n webtuiste gesien?
- Gesels oor elke brokkie inligting wat op hierdie webtuiste voorsien word.





http://www.underthesea.com

Yahoo! Google Maps YouTube Wikipedia News (585) Popular

Tel: +1-615-668-5422 E-pos

Werkboekpedia

Vinnige skakels | Skilpaaie, waterskilpaaie en visse | Ander seediere | Hoe waterskilpaaie hul eiers lê | Waar waterskilpaaie woon

Die skilpad

Die skilpad is 'n reptiel met vier skubberige bene en 'n nek met baie voue. Hy beweeg stadig met sy huis op sy rug.

Daar is verskillende soorte skilpaaie.

Ek woon in die see.



Ek woon in vars water in vleilande.



Ek woon op land.



Hulle dop

Skilpaaie en waterskilpaaie is reptiele met 'n harde dop wat hul liggame bedek. Skilpaaie woon op land en waterskilpaaie woon in die water. Omdat hul doppe so swaar is, beweeg hulle maar stadig op land.

Skilpaaie en waterskilpaaie kan meer as 100 jaar oud word.

Hoe waterskilpaaie hul eiers lê

Waterskilpaaie lê hul eiers op land. Hulle grawe 'n gat in die sand en lê hul eiers in die gat. Dan bedek hulle die eiers met sand en keer na die see toe terug. Wanneer die kleintjies uitbroei, loop hulle na die see toe.

Waar waterskilpaaie woon

'n Waterskilpad bestee die grootste deel van sy lewe in die see. Hy beweeg stadig op land, maar in die water kan hy baie vinnig swem. Hy eet drilvisse, ander seediere en seegras.

Ons praat

- Wat is die verskille tussen skilpaaie en waterskilpaaie?
- Waar lê seeskilpaaie hul eiers?

Skryf nou een gedagte van elke item op die webblad neer.

Ons skryf

Skilpaaie, waterskilpaaie en visse Soek

Ons skep 'n vistoneel

Maak jou eie vistenk.

Verf die binnekant van 'n skoenboks blougroen en draai hom op sy sy. Knip dan die visse agterin die boek uit. Gebruik tou en kleefband om die vis aan die bokant van die doos vas te plak.





Daar is meer as 13 000 verskillende soorte visse. Sommige vissoorte woon in koue water en ander woon in warm water.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

21

Nuus van die kus

DATUM

Ons lees

Adres
Waterweg 224
Vishoek
Kaapstad1234

Datum
12 Maart 2012

Salueer

Liewe Jaco

Dit was lekker om jou verlede week by die skoolsokker te sien. Ek hoop jy kan jou ouers oorreed om jou toe te laat om my die volgende skoolvakansie te besoek. Ons kan strand toe gaan en met 'n kabelkarretjie teen Tafelberg opry.

Ek woon nou 'n groot skool naby Kaapstad by. Daar is byna tweeduisend kinders in die skool. Ons skool is naby aan die strand, daarom is dit belangrik dat ons van waterveiligheid moet leer en net moet swem in areas waar daar lewensredders is.

Ek hou nie baie daarvan om in die see hier naby ons te swem nie. Die water is vir my te koud, want ons is gewoond aan die warm water van die Indiese Oseaan om Durban. Hier is die see baie koud as gevolg van die koue strome van die Atlantiese Oseaan.

Kyk na die internet. Daar is 'n koerantartikel oor 'n haai-aanval wat plaasgevind het naby aan ons huis. Die man is deur 'n rob gered. Ons leer op skool van haaie en robbe.

Jou maat

Paul

Ons skryf

Paul gee baie inligting in sy brief. Skryf 3 dinge neer wat hy vir Jaco vertel.
1
2
3
Waarom dink jy leer Paul op skool van haaie en robbe?

Ons skryf

Skryf 'n brief aan jou maat. Gee hom of haar nuus oor wat jy by die huis en by die skool doen, of oor enige ander interessante aktiwiteite. Ons gee jou in elke paragraaf 'n idee. Skryf die brief eers ruweg en laat jou maat dit nagaan. Skryf dit dan netjies op hierdie bladsy uit.





Vul jou adres in

Datum

Liewe _____

Begin met 'n aanhef.

Skryf oor jou eerste brokkie nuus.

Skryf oor jou tweede brokkie nuus.

Sluit jou brief af.

Jou maat

Skryf jou naam.









Onderwyser:

Teken:

Datum:

22

Haai-aanval

DATUM

Ons lees

Lees die koerantberig op hierdie webtuiste.

http://www.underthesea.com

Yahoo! Google Maps YouTube Wikipedia News (585) Popular

Tel: +1-615-668-5422 E-pos

Werkboekpedia

Vinnige skakels | Haai-aanvalle | Ander seediere | Haaie en beenvisse | Die anatomie van die haai

Rob red man van haai *September 2011*

Michael Cohen se lewe is gered nadat hy deur 'n grootwithaai aangeval is. Hy is gered deur twee heldhaftige vriende wat hom uit die water getrek het – en 'n rob. **Getuies** het verduidelik hoe die 3 meter lange haai hom gereedgemaak het om Michael 'n tweede keer aan te val, maar **van stryk af gebring** is toe die rob tussen hom en die man deurgeswem het.

Die rob het toe in 'n kring om Michael geswem. Dit het sy twee vriende die geleentheid gegee om hom op die strand uit te sleep terwyl die gevaarlike haai slegs meters van hulle weg was. Michael se vriende het dapper in die bloedrooi water **ingewaad** nadat die haai Michael se regterbeen gebyt het. Hulle het die bloeding gekeer en daarin geslaag om sy lewe te red.

Voormalige Suid-Afrikaanse branderplankkampioen Tracy Sassen het die aanval sien plaasvind. "Ek het water sien spat en gedink dis 'n rob wat 'n vis aanval. Toe begin mense in die see instorm en hierdie ou uittrek."

Craig Lambinon van Suid-Afrika se Nasionale Seereddingsinstituut het gepraat oor wat die rob gedoen het: "Die rob het in 'n kring om die man en sy redders geswem terwyl hulle die man uitgetrek het, terwyl die haai daar naby was."



Grootwithaai se tand



Tierhaai se tand

TANDE

Haaie kan tot 3 000 tande hê. Die meeste haaie kou nie hulle kos nie, maar sluk dit in groot stukke in. Die tande is in rye **gerangskik**. Indien 'n tand beskadig word of verlore gaan, word dit deur 'n nuwe een vervang. Die meeste haaie het omtrent 5 rye tande. Die voorste stel is die grootste en doen die meeste van die werk.

HAAI-AANVALLE

Wanneer die grootwithaai voor 'n aanval aggressief raak, trek hy sy rug krom en gooi sy kop agteroor. So is sy bek in 'n beter posisie om 'n groot hap te neem. Haaie val nie normaalweg mense aan nie.

Die haaie wat die grootste gevaar vir mense inhou, is die grootwithaai en die tierhaai.

Sommige mense meen dat haaie mense op branderplanke aansien vir robbe, wat een van hul gunstelingprooie is.

Ons praat

- Lees die berig en vertel vir jou maat wat met Michael gebeur het. Vertel die storie in die regte volgorde.
- Sê waarom jy dink die haai deur die rob van stryk af gebring is.
- Hoe verskil 'n haai van 'n beenvis?
- Waarom word hulle "beenvisse" genoem?

NUWE WOORDE

google

Haaie en haai-aanvalle

Soek

'n Haai is 'n soort vis





Verskille tussen haaie en beenvisse

	HAAIE 	BEENVISSE 
Skelet	Bestaan uit kraakbeen alleenlik	Het been en kraakbeen
Swemmetode	Kan net vorentoe swem	Kan vorentoe en agtertoe swem
Kieue	Kieusplete maar geen kieudeksel nie	Bedekte kieusplete
Voortplanting	Eiers in wyfie se liggaam bevrug	Eiers gewoonlik in die water bevrug
Vel	Growwe skubbe soos skuurpapier	Gladde skubbe wat mekaar oorvleuel

Onderwyser:
Teken:
Datum:

23

Kom ons dink na oor wat ons lees

DATUM



Ons lees

Lees weer die items op die webtuiste. Maak 'n lys van die verskillende items wat genoem word. Beskryf in 'n sin waaroor elke item handel. Nommer jou lys dan volgens wat jy die interessantste gevind het. Vergelyk jou lys met jou maat s'n.



Ons skryf

Lees nou die nuusberig "Rob red man van haai", asook die webitem "Haai-aanvalle". Omkring dan die letters langs die regte antwoorde hieronder. Indien jy nie seker van die antwoorde is nie, lees die storie weer.

Wat is dit omtrent die grootwithaai wat hom gevaarlik maak?	
A	Sy beendere bestaan uit kraakbeen en nie been nie.
B	Hy trek sy rug krom wanneer hy hom gereedmaak om aan te val.
C	Hy het omtrent 3 000 puntige tande en sluk sy kos heel in.

Waarom dink jy is die haai deur die rob van stryk af gebring?	
A	Die rob het in 'n kring om die man geswem.
B	Die rob het die beseerde man uit die see getrek.
C	Die rob het die haai aangeval.

Met watter kundige het die koerant 'n onderhoud gevoer?	
A	Michael Cohen
B	Tracy Sassen
C	Craig Lambinon

Wie is in September 2011 deur 'n haai aangeval?	
A	Tracy Sassen
B	Michael Cohen
C	Craig Lambinon

Ons skryf

Nommer hierdie sinne van 1 tot 6 om die korrekte volgorde van die gebeure in die nuusberig aan te toon.



	Michael is hospitaal toe geneem.
	'n Rob het in 'n kring om hom geswem en die haai van stryk af gebring.
	Sy vriende het die bloeding gekeer en daarin geslaag om sy lewe te red.
	Die haai het Michael se been gebyt.
	Sy vriende het die ambulans gebel.
	Michael is gered deur twee dapper vriende wat hom uit die water uitgesleep het.



Ons skryf

Kies die betekenisse reg wat pas by die woorde links.

getuies	in water ingeloop
van stryk afgebring	mense wat iets gesien gebeur het
ingewaad	georden
voormalige	aandag afgetrek
gerangskik	vorige

Ons skryf

Stel jou voor dat jy die haai in die storie op die webwerf is. Skryf jou gedagtes neer oor wat op daardie dag gebeur het en hoe jy deur die rob van stryk af gebring is.

Onderwyser:

Teken:

Datum:



24

Ons maak van inligting gebruik

DATUM



Ons skryf

Kyk weer na wat jy oor haaie te wete gekom het.
Skryf 'n paragraaf onder elk van die volgende opskrifte.

Hoe haaie lyk.

Wat en hoe hulle eet.

Wat ek van haaie se tande weet.

Hoe haaie van beenvisse verskil.

Ons skryf

Verander hierdie sin in vrae.
Begin met die woorde wat ons voorsien het.

Johan woon in hierdie huis.
Wie ?
Watter ?
Wie se ?
Waar ?

Voeg die agtervoegsel -heid by hierdie woorde. Maak dan met die woorde sinne om te wys dat jy weet wat die woorde beteken.

sorgsaam	
versig	
vriendelik	
skoon	
spraaksaam	
gulsig	
vergeetagtig	
verwaand	

Onderwyser:
Teken:
Datum:

25

Meer omtrent diere

DATUM

Ons lees

Lees hierdie storie hardop met 7 van jou maats, sodat julle elkeen van die diererolle kan lees en een van julle die verteller kan wees wat die stukkies tussenin lees.

Lank, lank gelede het al die diere van Mzanzi gelukkig saamgewoon. Die lewe was wonderlik, en die kleine hasies, die streperige sebras, die vrolike seekoeie, die slim krokodille, die reusagtige olifante en die ratse apies het almal gelukkig saamgewoon ... totdat 'n nare leeu sy intrek geneem het en hulle almal wou opeet!

Van daardie dag af is die diere almal heeltyd bang. Eendag neem hulle egter 'n dapper besluit: hulle gaan met die leeu praat en 'n oplossing vir hierdie probleem vind.

Toe die leeu al die diere sien nader kom, is hy baie bly, omdat hy dink sy volgende maaltyd word vir hom afgelewer. Maar net toe hy begin kwyl by die gedagte aan 'n sappige happie, praat die moedige apie met hom.



Apie: Asseblief meneer Koning ... a ... em ... ons het nodig om met jou te praat oor 'n belangrike saak. Indien jy ons almal doodmaak, sal jy nie meer die koning wees nie.

Toe begin al die diere tegelykertyd praat.

Sebra: Ja, jy sal niemand hê om oor te heers nie.

Krokodil: Jy sal heeltemal alleen in jou koninkryk woon.

Seekoei: En jy sal baie honger word omdat daar niemand sal oorbly om te eet nie!

Olifant: Jy sal gou van die honger omkom!

Haas: Daarom het ons vir jou 'n voorstel. As jy ophou om ons dood te maak, belowe ons dat ons elke dag vir jou iemand sal stuur om te eet. Jy sal nooit weer hoef te jag nie. Jy sal net heeldag kan sit en TV kyk.

Die leeu luister na wat hulle almal te sê het.

Leeu: Julle sal my kos aflewer? Dit sal 'n goeie oplossing wees! Maar ek moet julle waarsku: indien julle selfs een dag oorslaan, sal ek julle almal op een slag opeet!

So het hulle dus ooreengekom. Van toe af is een dier elke dag na die leeu gestuur, en die leeu was baie gelukkig.

Eendag is dit die haas se beurt om sy lewe op te offer om kos vir die leeu te voorsien. Die haas wil nie doodgaan nie, daarom bedink hy toe 'n plan.

Stadig loop die haas na die leeu se lêplek toe. Toe hy daar kom, is die leeu besig om ongeduldig heen en weer te loop. Hy is baie honger. Toe hy die hasie sien, is hy dadelik kwaad.

Leeu: Dink jy 'n klein hasie soos jy sal vir my genoeg kos vir die dag wees? Ek is baie honger, en kyk net hoe klein en maer is jy!

Haas: Die diere het in werklikheid vir jou 6 hase gestuur, meneer Koning, maar 5 van hulle is deur 'n ander leeu doodgemaak en opgeëet.

Leeu: Watter ander leeu? Ek is die koning in hierdie geweste.

Haas: Dit was ... die … die .. daar was 'n ... baie groot leeu. Die ander leeu het gesê dat hy die ware koning van die oerwoud is.

Leeu: Neem my na die ander leeu, sodat ek hom 'n les kan leer – dit is MY koninkryk!

Die hasie lei die leeu na 'n diep rivier toe. Hy sê vir die leeu dat die ander leeu in die rivier is. Die leeu kyk toe in die water in en sien sy eie weerkaatsing daar. Hy dink dat dit die ander leeu is. Hy uiter 'n enorme brul en spring dadelik in die water in om die ander leeu aan te val. Toe stamp die leeu sy sy kop teen die rotse en hy verdrink.

Die hasie het na die ander diere toe gehardloop om die goeie nuus te gaan oordra. En al die diere het vir altyd gelukkig in Mzanzi saamgewoon.



Ons skryf Beantwoord nou hierdie vrae.



Waarom was die ander diere so bang vir die leeu?

Wat was die hasie se plan?



Wat sou 'n goeie titel vir die storie wees?

Waarom het die diere gehakkel wanneer hulle met die leeu praat?

Onderwyser:

Teken:

Datum:

26 Beskryf hulle

DATUM

Ons rolspeel

Maak 'n rolspel op oor wat in die storie oor die leeu en die haas gebeur het.

Ons skryf

Lees hierdie gedeelte en onderstreep die name van al die verskillende diere. Gebruik dan 'n pen van 'n ander kleur om die woorde te onderstreep wat vir ons sê hoe die diere was. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

Lank, lank gelede het al die diere van Mzanzi gelukkig saam gewoon. Die lewe was wonderlik, en die **kleine** hasies, die streperige sebras, die vrolike seekoeie, die slim krokodille, die reusagtige olifante en die ratse apies het almal gelukkig saamgewoon ... totdat 'n nare leeu sy intrek geneem het en hulle almal wou opeet!

Die name van die diere is selfstandige naamwoorde. En hul beskrywings is adjektiewe. Hulle sê vir ons meer oor die selfstandige naamwoorde.

Ons skryf

Gebruik nou die adjektiewe wat jy onderstreep het en voltooi hierdie sinne. Ons het die eerste een vir jou gedoen. Onthou om jou sinne met punte af te sluit.

Die hasies is klein.
Die apies is
Die seekoeie is
Die krokodille is
Die sebras is
Die olifante is

Ons doen

Teken hierdie tekens.

Rook verbode	**Moenie raas nie**
Leeus verbode	**Geen selfone nie**

Ons skryf

Watter van hierdie adjektiewe beskryf die haas en watter beskryf die leeu? Vul hulle op die regte plekke in.

intelligent
gemeen
baasspelerig
sorgsaam
gulsig
haatlik
slim
rats
goedhartig
oulik
angswekkend
vreesaanjaend





Beskryf die leeu of die haas. Gebruik die adjektiewe van die vorige aktiwiteit.

Skryf nou 'n paragraaf oor die storie. Maak seker dat jy die gebeure in die regte volgorde vertel.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

27

Die leeus van Afrika

DATUM



Ons lees

Die Leeukoning



Die leeu staan as die koning van die oerwoud bekend. Wat weet ons van hierdie groot kat? Die leeu is die tweede grootste lid van die katfamilie, na die tier.

Hoe leeus saamwoon

Leeus woon en jag in troppe. Hulle woon hul lewens lank in hul troppe saam. Die ma's, dogters, tantes en suster woon almal saam en versorg die leeukleintjies. Die kleintjies word welpies genoem. Vir die eerste 8 weke van hul lewe woon hulle by hulle ma's weg van die trop af. Dan sluit hulle saam met hulle ma's by die trop aan en word hulle deur al die wyfies versorg.



Hoe leeus jag

Die leeuwyfies doen die meeste van die jagwerk. Hulle jag prooi soos sebras of wildebeeste. Hulle kruip in die lag gras weg en bestee soms ure daaraan om hulle prooi dop te hou en te wag vir die regte oomblik om aan te val. Wanneer 'n leeuwyfie 'n dier doodmaak, eet die hele trop saam. Hulle eet in 'n spesifieke volgorde: eers die leeumannetjies, dan die leeuwyfies, dan die welpies.

Leeumannetjies

Soms woon tot drie leeumannetjies in die trop. Hulle brul baie om ander leeumannetjies weg te hou. Soms baklei hulle met ander leeumannetjies oor dominansie van die trop. Hierdie gevegte kan baie gewelddadig wees, en kan selfs tot een van die leeus se dood lei.

Die areas waarin leeus leef

Elke leeutrop leef in sy eie gebied, soos ons in verskillende provinsies van ons land woon. Hulle merk die grense van hul gebied af deur die bome te krap of deur urine of mis agter te laat om vir ander leeus te sê om weg te bly.



Ons skryf

Beantwoord nou die volgende vrae.



Watter kat is groter as die leeu?
In watter volgorde eet die lede van die trop? Onthou om kommas te gebruik.
Hoe merk leeutroppe hul areas?
Waarom baklei leeumannetjies?

Ons doen

Kies die betekenisse regs wat pas by die woorde links.

bestee	diere wat deur ander diere gejag en doodgemaak word
welpie	digte bos
oerwoud	oorheersing
prooi	leeukleintjie
dominansie	spandeer



Onderwyser:

Teken:

Datum:

28

Sing hierdie liedjie as 'n groep.

DATUM



Ons sing

Onderwysersnota: Indien jy nie die wysie van hierdie liedjie ken nie, vra 'n ander onderwyser om dit vir jou te sing sodat jy dit saam met die klas kan sing.

DIE LEEU SLAAP VANNAG

In die oerwoud, die grote oerwoud
slaap die leeu vannag,

In die oerwoud, die stille oerwoud
slaap die leeu vannag.

Koor

He, ha helelemama

Ohi'mbube

In die dorpie, die kleine dorpie,
slaap die leeu vannag,

In die dorpie, die stille dorpie,
slaap die leeu vannag.

Koor

Slaap, my kind, moenie bang wees my kind,
die leeu slaap vannag,

Slaap, my kind, moenie bang wees my kind
die leeu slaap vannag.

Koor







Ons praat

Vertel jou maat van die agtergrond tot hierdie liedjie. Watter tyd van die dag is dit? Hoe lyk die omgewing? Dink jy dit is vreedsaam of nie? Is dit 'n stad of 'n dorp? Hoe lyk 'n oerwoud?

Ons skryf

- Kyk nou na die prent en beskryf die agtergrond van die liedjie.
- Gebruik hierdie woorde om jou te help.

sterlig

geil groen bos

vreedsaam

stil

dorp

sterke

maanlig

donker

Ons skryf

Voeg die agtervoegsel -tig by hierdie woorde, en gebruik elke woord dan in 'n sin. Let op dat jy soms die medeklinker waarop 'n woord eindig, moet verdubbel wanneer jy -tig byvoeg.

lug	
prag	
agterdog	
nut	
pret	

Kies die antonieme (teenoorgesteldes) wat by hierdie woorde pas.

vreedsaam	hoopvol	nuttig	versigtig	pragtig

wanhopig	lelik	nalatig	nutteloos	wanordelik

Onderwyser:

Teken:

Datum:

29

Ons lees 'n advertensie

DATUM

Ons lees

Wou jy nog altyd die gewilde opvoering Die Leeukoning sien? Hier is jou kans!

JY KAN DIT NIE MISLOOP NIE!

HAAI KINDERS!

Aangebied deur die Staatsteater in Pretoria.

Gratis vervoer per bus vir kinders van skole in en om Gauteng.

Datums: 1–24 Desember

Tye: Maandae tot Vrydae 15:00 en 18:00

Skoolkinders sal gratis leeumaskers ontvang.

Gratis versnaperings en koeldranke!

Kaartjies vir leerders halfprys!

Skryf in vir die kompetisie en wen gratis kaartjies vir die vertoning.



In 1939 het 'n Zuluwerker en vermaaklikheidskunstenaar wat homself Solomon Linda genoem het, die eerste opname van die liedjie Die Leeu Slaap Vannag (The Lion Sleeps Tonight) in Johannesburg gemaak. Hy het die liedjie Mbube genoem, wat die Zuluwoord vir leeu is. Die liedjie het die beroemdste geword wat ooit uit Afrika gekom het. Dit is sedertdien opgeneem in Frans, Japannees, Spaans, Deens en talle ander tale.

Ons skryf

Waarom dink jy bevat die advertensie die woorde HAAI KINDERS in groot letters?
Op watter ouderdomsgroep dink jy is hierdie advertensie gemik? Waarom dink jy so?
Hoe probeer die advertensie jou oorreed om die opvoering te kom sien?

Ons skryf

Vul die inskrywing vir die kompetisie hieronder in.

Skryf in vir hierdie kompetisie en wen gratis kaartjies vir die Leeukoning!

Naam _____ Adres _____

_____

Tel _____ Ouderdom _____

Naam van skool _____ Watter beroemde liedjie wat deur 'n Suid-Afrikaner gekomponeer is, word in hierdie musiekblyspel gesing? _____

Waar is hierdie liedjie die eerste keer opgeneem? _____

Wanneer is die liedjie opgeneem? _____

Wie was die sanger? _____

Noem 3 tale waarin die liedjie opgeneem is:

_____

_____



Ons doen

KAARTJIE

Maak jou eie advertensie om mense te oorreed om 'n rolprent of toneelstuk te kom kyk of selfs om 'n goeie boek te lees.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

30

Die storie van die Leeukoning

DATUM



Die koning en koningin van die oerwoud het 'n nuwe seun, wat hulle Simba noem.



Die koning se broer, Skar, is nie bly oor Simba se geboorte nie, omdat hy self koning wil wees.



Eendag stuur Skar die jonge Simba na 'n gevaarlike plek toe. Hy hoop dat Simba deur hiënas opgeëet sal word.



Skar sê vir die koning dat hy Simba moet gaan red.



Die koning probeer terugklim teen die berg op, en hy vra Skar om hom te help. Maar Skar weier. Die koning val van die berg af en sterf.



Skar oortuig vir Simba dat sy pa as gevolg van die jong welpie se nalatigheid dood is.



Simba is beskaamd en vlug. Skar word die nuwe koning.



Simba maak maats met 'n meerkat en 'n vlakvark. Hulle leer hom om gelukkig te wees en hom nie te veel te bekommer nie.



Die gees van die koning verskyn aan Simba.



Skar erken dat hy die koning bedrieg het, en dat hy die koning se dood veroorsaak het. Simba gaan terug na sy ma toe.



Uiteindelik word Simba koning, en al die diere kom bymekaar om dit te vier.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

31

Kom ons kyk na taal

DATUM



Ons skryf

Skryf die indirekte rede van elk van hierdie mense in die direkte rede in die spraakborrels oor. Skryf die presiese woorde wat die spreker gebruik het.

Thandi sê die vertoning by die Staatsteater was baie goed.



My onderwyser sê dat, as ons almal in ons eksamen slaag, sy ons sal neem om 'n vertoning by die teater by te woon.



Die meerkat het vir Simba geleer om gelukkig te wees, en om hom nie te veel te bekommer nie.



Die radio-omroeper sê dat die gelukkige wenner Thandi Maloi van Bronkhorstspruit is.





Ons praat

- Stel julle voor dat julle Graad 6-klas almal in die eksamen geslaag het, en dat julle saam met jul onderwyser na die Staatsteater in Pretoria gegaan het.
- Bespreek met jou maats wat gebeur het.
- Maak 'n rolspel oor die storie van die Leeukoning op.
- Skryf die storie van die Leeukoning op bladsy 65.

Ons skryf

Vul hierdie geheuekaart in om jou te help om die storie van jou besoek aan die Staatsteater te skryf.

Ons uitstappie na die teater

Ons hoor die goeie nuus dat ons almal in die eksamen geslaag het.

Ons gaan per bus Pretoria toe

Wat ons omtrent die vertoning geniet het

Gebruik nou jou plan om jou te help om jou storie te skryf. Skryf een paragraaf vir elke idee.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

32

Nog meer oor taal

DATUM

Die kaarte sê vir jou wat die voorvoegsels beteken.

Ons skryf

Vorm nuwe woorde deur die voorvoegsels op die kaarte by te voeg.

on-	her-	dis-	oor-
nie	weer	nie	te veel

gemanierd	ongemanierd	vriendelik	
skryf		kwalifiseer	
integreer		rangskik	
skat			

Ons skryf

Hierdie woorde word **modale werkwoorde** genoem. Hulle het te doen met toestemming vra.

kan — mag — kon

"Mag" is meer beleefd as "kan" wanneer ons toestemming vra, maar in alledaagse taal gebruik ons gewoonlik "kan".

Onderstreep die modale werkwoorde in die volgende sinne.

Kan die baba kruip?
Mag my maat kom speel?
Kan ek die rolprent gaan sien?
Ek het gevra of ek die rolprent kon gaan sien.
Mag ek sokker toe gaan?



Skryf sinne van jou eie wat met hierdie modale werkwoorde begin.

Mag ek
Kan ek
Ek mag
Hy kon





Ons pas

Verbind die woorde regs met die woorde links om volledige sinne te maak.

Mag ek	elke dag haar huiswerk te doen.
Jy behoort	vandag vroeg huis toe gaan?
Jy moet	die vakansie Durban toe gaan?
Ek mag	elke dag vars groente en vrugte te eet.
Kan ek	nie te rook nie.
Sy behoort	saam met hulle gaan.





Ons praat

Het jy al opgelet dat ons soms praat van **'n** boek en **'n** appel, en soms van **die** boek en **die** appel? Gesels met jou maat oor wanneer ons **'n** gebruik en wanneer ons **die** gebruik.

Ons gebruik **'n** voor 'n enkelvoudige selfstandige naamwoord, en wanneer ons nie van 'n spesifieke ding of persoon praat nie.



Ons skryf

Vul 'n of die in.

Kan jy vir my ____ pen leen? (enige pen)

Gee vir my ____ pen terug wat jy gister by my geleen het. (spesifieke pen)

Ek het ____ pragtige rok in die winkel gesien. (enige rok)

Is dit ____ rok wat jy gister gekoop het? (spesifieke rok)

Hy het ____ gawe nuwe maat ontmoet. (enige maat)

Dit is ____ maat wat hy verlede maand ontmoet het. (spesifieke maat)

Ek het ____ nuwe boom in die tuin geplant. (enige boom)

Is dit ____ boom wat jy verlede maand geplant het?(spesifieke boom)

Die bepaalde lidwoord (die)

Ons gebruik **die** wanneer ons oor 'n spesifieke lid van 'n groep praat.

Voorbeeld: "Bring asseblief **die** boek terug wat jy gister van die biblioteek geleen het."

Onbepaalde lidwoord ('n)

Ons gebruik **'n** wanneer ons nie na 'n spesifieke ding of persoon verwys nie.

Voorbeeld: "Ek het vandag **'n** selfoon gekoop."

Verbind die volgende sinne met en, maar of omdat. Onthou dat party woorde in die saamgestelde sin sal wegval.

Die seun met die rooi hare het hier aangekom. Hy wou graag met Vusi praat.

Ek het 'n appel. Ek het 'n peer.

Ek wil vir jou die boek teruggee wat ek geleen het. Ek kry nie die boek nie.

Ek wil graag saamgaan na die park toe. Ek is nog nie klaar met my huiswerk nie.

Die skool sluit vandag. Môre vertrek ons see toe.

Ek gaan nie meer saam partytjie toe nie. Ek het 'n hoofpyn.

Ons is baie gelukkig in Graad 6. Ons hou baie van ons onderwyser.





Mense en ander wesens











3

DATUM

33 Die dapper vissie



Ons praat

Kyk na die titel van hierdie storie en na die prentjies. Bespreek met jou maat waaroor hierdie storie dalk handel.



Ons lees



Dit was een van die koudste winternagte. Diep in die oseaan het 'n bejaarde vis haar 11 000 kinders en kleinkinders byeengeroep om vir hulle 'n storie te vertel. Die storie het so geklink.

Lank, lank gelede het 'n dapper vissie met sy mamma in 'n hoë bergstroom gewoon. Die vissie was sy mamma se enigste kind. Hy en sy mamma het die elke dag in sirkels geswem.

Toe het die vissie begin dink. Hy het al dieper en dieper begin nadink terwyl op dieselfde vervelige paadjie agter sy mamma aangeswem het. Sy mamma het begin wonder wat met haar kind skort. Sy het gedink dat hy dalk siek is.



Vroeg een oggend, voor sonsopkoms, het die vissie sy mamma wakker gemaak en gesê: "Mamma, ek wil graag met jou praat."

"Ag nee, my kind," het die mamma slaperig gesê, "dis te vroeg om te praat. Kom ons praat later en gaan eers swem."

"Nee, mamma! Ek wil nie meer gaan swem nie. Ek wil weggaan."

"Weggaan? Wat bedoel jy jy wil weggaan?"

"Mamma, ek wil gaan kyk waar die stroom ophou en wat anderkant die berge lê. Ek wonder nou al dae lank daaroor."



Die mamma lag net en sê: "Toe ek jou ouderdom was, het ek ook sulke gedagtes gehad. Maar my kind, 'n stroom het geen begin en geen einde nie. Die stroom vloei net en gaan nêrens heen nie."

"Maar mamma, is dit nie waar dat alles 'n einde het nie? Die dae, nagte, weke, maande en selfs jare?"



Ons praat

Bespreek met jou maat wat jy dink met die dapper vissie sal gebeur op sy avontuur.



"Vergeet nou hierdie onsin," onderbreek sy mamma hom. "Kom ons gaan swem."

"Nee, mamma, ek is moeg daarvoor om in sirkels te swem. Ek wil die wêreld gaan verken. Ek wil sien wat op ander plekke gebeur. Ek wil nie die res van my lewe hier al in die rondte swem nie. Ek wil kyk of daar 'n ander manier is om te leef. Nadat ek dit gaan uitvind het, sal ek terugkom en jou daarvan vertel."

Die vissie se mamma was baie ontsteld. "My kind, wat is dan fout met jou? Alles wat jy nodig het, is hier. Die wêreld wat jy soek, is hier!"

Op daardie oomblik swem 'n skool visse verby. Die oudste vis vra vir hulle: "Waaroor argumenteer julle?"

Die vissie se mamma sê vir hulle dat haar kind die stroom wil verlaat om te kyk wat anderkant die berge lê. Al die visse, jonk en oud, dink dat die vissie laf is. Maar die vissie wil nie sy drome prysgee nie.

Die mammavis is bang om haar kind se onthalwe. Sy sê: "My kind, ek verstaan dat jy wil gaan kyk wat anderkant die berge lê. Ek ken niemand wat nog ooit hierdie stroom verlaat het nie, maar ek kan jou net alles van die beste toewens en hoop dat jy eendag sal terugkom."

Die mammavis groet haar enigste kind baie hartseer, en hy vertrek op sy avontuur.

(Samad Behrangi, *The little black fish,* aangepas en vertaal)





Ons skryf

Skryf nou 'n paragraaf van omtrent 5 sinne oor wat jy dink met die dapper vissie op sy eerste avontuur sal gebeur.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

34

Meer oor die dapper vissie

DATUM



Ons skryf Lees die storie van die dapper vissie weer saam met jou maat. Lees dit hardop vir mekaar voor. Beantwoord dan hierdie vrae.

1. Dink jy die vissie het dit geniet om saam met sy mamma in die stroompie te swem? Gee redes vir jou antwoord.

2. Waarom wou die vissie met sy mamma praat?

3. Dink jy die vissie het die regte ding gedoen om die stroom te verlaat? Sê waarom jy so dink.



4. Die titel van die storie is "Die dapper vissie". Dink jy dit is 'n goeie titel? Gee redes vir jou antwoord.

Ons praat Praat oor hoe jy gevoel het toe jy gelees het van die vissie se besluit om die stoom te verlaat. Bespreek al die voordele en nadele van sy besluit.



Ons skryf Skryf nou in die tabel hieronder al die voordele en nadele neer.

Voordele	Nadele





Ons skryf

Nommer hierdie sinne in die regte volgorde volgens die gebeure in die storie. Onderstreep die voegwoord in elke sin. (Party van die sinne begin met voegwoorde.)

	Hy het vir sy mamma gesê dat hy die wêreld wil gaan verken.
	Dit was ’n baie koue nag en die vissie het oor sy toekoms nagedink.
	Die vissie het in kringe geswem en hy was baie verveeld.
	Sy mamma het vir die ander visse gesê dat haar kind wil weggaan omdat hy nie gelukkig is in die stroom nie.
	Alhoewel sy mamma hom nie wou laat gaan nie, het sy hom tog laat gaan.

Wat is ’n “skool” visse? Dit is ’n klomp visse saam. Ons noem dit ’n versamelnaam. Versamelname is woorde vir groepe mense, diere of dinge. Kies nou die woorde regs wat pas by die versamelname links.

Ons skryf

’n klas	piesangs
’n stapel	mense
’n kudde	dolfyne
’n span	bakstene
’n trop	kinders
’n skool	spelers
’n string	skape
’n tros	wolwe
’n skare	pêrels



Wat is abstrakte selfstandige naamwoorde?
Dit is selfstandige naamwoorde wat vir ons van gevoelens vertel. Ons kan die dinge waarna hierdie naamwoorde verwys, nie sien, aanraak, proe, ruik of hoor nie. Vrees en argument is abstrakte selfstandige naamwoorde. Hulle verskil van ander selfstandige naamwoorde. Ons kan ’n appel sien, eet, proe en ruik, maar ons kan nie dinge soos vryheid of vreugde hoor of proe nie.

Ons skryf

Omkring die abstrakte selfstandige naamwoorde, en gebruik dan 5 van hulle om sinne mee te maak. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

wet woede goedhartigheid lint warm vreugde hartseer vis deur prent reëls vriendskap gedagte ooreenkoms gesig

Ons skryf

Skryf in jou oefeningboek ’n paragraaf oor jou drome, ambisies en verwagtinge vir die toekoms. Dink aan wat die dapper vissie gedoen het, en skryf dan oor wat jy regtig sou wil doen.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

35 Kan ek jou dra?





Ons praat Kyk na die prentjies en sê vir jou maat waaroor jy dink hulle handel.

Kan ek jou dra?

Laat ek jou nog 'n keer vashou
voordat jy my dalk vergeet.
En vir jou sê dat ek vir jou lief is
sodat jy dit altyd sal weet.
Laat my toe om weer jou skoen vas te maak.
Eendag sal jy dit doen op jou eie.
En wanneer jy terugdink aan jou jeug
Hoop ek jy onthou dit as goeie tye.
Ek wil hê jy moet sterker word
as wat jou Pa ooit sal wees.
En wanneer jy sukses behaal
sal ek met jou wees in die gees.
Kan ek jou nog 'n keer dra?
Eendag sal jy loop, alleen.
Ek wil elke dag tot dan waardeer
want hulle is kosbaar, elkeen.

(Brad Anderson, Can I Carry You, vertaal)









Ons praat

Oefen dit om die gedig voor te dra.
Dra dit dan vir jou maat voor.
Bespreek dan hierdie vrae:



- Kyk na die titel van die gedig. Wat bedoel die digter met hierdie woorde?
- Wat beteken die gedig vir jou?
- Waarom het die digter die gedig geskryf?
- Watter woord in die gedig sê vir ons dat die digter waarskynlik oor sy kind praat?
- Wat wil die digter hê sy kind moet doen wanneer hy of sy groot is?
- Hoe stem hierdie gedig ooreen met die storie van die dapper vissie?

Ons skryf

Werk in pare.

1. Skryf twee abstrakte selfstandige naamwoorde neer wat in die gedig gebruik word.

2. Gebruik hierdie abstrakte selfstandige naamwoorde nou in twee sinne.

3. Kyk na die volgende twee gesegdes: "Hy is haar oogappel " en "Die Graad 6-leerders wil uit hul velle uitspring". Kan jy aan soortgelyke gesegdes dink? Skryf enige twee neer waaraan jy kan dink.

Ons noem hierdie gesegdes idiome.

Kies die regte betekenis regs vir elke idioom links.

Hy is vol draadwerk.	Sy is 'n nare persoon.
Hy is 'n ware Samaritaan.	Ons het in die moeilikheid gekom.
Sy is 'n regte ou draak.	Sy beteken baie vir 'n saak.
Sy is haar gewig in goud werd.	Hy het baie nukke of slim plannetjies
Ons het in diep water gevaar.	Hy is 'n baie hulpvaardige persoon.

Ons skryf

Gebruik hierdie abstrakte selfstandige naamwoorde nou in sinne.

vryheid	
reëls	

Onderwyser:
Teken:
Datum:

Skryf 4 van jou eie abstrakte selfstandige naamwoorde.

DATUM

36 My toekomstige self





Ons praat

Kyk omtrent 'n minuut lank na hierdie prentjies. Maak jou oë toe en laat jou verbeelding jou neem na 'n plek wat pragtig en vreedsaam is. Sê nou vir jou maat wat jy graag in die toekoms wil hê. Gesels oor jou drome en begeertes.



Ons skryf

Skryf 'n brief aan jouself. Verbeel jou dat jy aan jouself skryf soos jy presies 'n maand van nou af sal wees. Wat wil jy graag vir jou toekomstige self sê?
Gebruik die geheuekaart om die inhoud van jou brief te beplan. Dink aan die vrae in geheuekaart A om geheuekaart B te voltooi.



B

My toekomstige self

Noudat jy jou beplanning gedoen het, skryf jou brief op 'n afsonderlike stuk papier.



Nadat jy jou brief aan jouself geskryf het, doen die volgende:

- Sit die brief in 'n koevert. Verseël dit.
- Adresseer dit aan jouself. Sê op watter datum jy dit mag oopmaak.
- Merk die datum op jou kalender.
- Bêre die brief op 'n veilige plek waar niemand anders dit kan kry nie.
- Lees dit 'n maand van nou af, op die datum wat jy gekies het.
- Evalueer jouself en kyk wat jy reggekry het en wat jy dalk sal moet verbeter.

Onthou om dit veilig te bewaar.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

37 Busi se storie

Ons praat

Kyk na die prentjies in hierdie storie en gesels met jou maat oor wat jy dink dalk gebeur, en waaroor die storie dalk handel.





Ons lees

Busi was 'n altyd 'n baie gelukkige, vrolike meisietjie. Sy het altyd gesing, gelag en haar boetie poetse gebak. Maar toe gebeur iets aakligs met haar. 'n Baie slegte man het dinge aan haar gedoen, en sy kon niks doen om haarself te verdedig nie. Hy het haar ook laat belowe dat sy nooit iemand sou vertel nie.

Maar Busi is 'n baie slim meisietjie. Sy het geweet dat niemand in die wêreld die reg het om sulke dinge aan kinders te doen nie. Al was dit vir haar baie moeilik om oor haar slegte ervaring te praat, het Busi haar ma vertel. Dit was die beste ding wat sy kon doen, want haar ma het presies geweet hoe om haar te help.

Ons praat

Gesels oor hierdie prentjie. Wat sê dit vir jou oor Busi en haar ma? Wat doen Busi en waarom doen sy dit? Hoe dink jy voel haar ma? Wat dink jy gaan hulle nou doen?

Ons lees Lees nou die res van die storie.

Busi en haar ma gaan na die polisiestasie en vertel die polisie van die vreeslike ding wat gebeur het. Die ondersoekbeampte sê: "Moenie bekommerd wees nie, jong dame, ons sal ons bes doen om hierdie man te vang. Jy was baie dapper om met ons te kom praat."



Binnekort word die slegte man in hegtenis geneem en in die tronk toegesluit. Busi se ma kry 'n brief wat sê dat Busi hof toe sal moet kom om getuienis te lewer. "Wat beteken dit, Mamma?" vra Busi.

"Dit beteken dat jy die hof alles sal moet vertel wat op daardie dag met jou gebeur het," sê haar ma. "Jy sal 'n getuie wees, wat beteken dat jy die hof sal moet vertel van die dinge wat die man aan jou gedoen het."

Busi is baie ontsteld om dit te hoor. "Maar ek wil nie vir mense daarvan vertel nie!"

Haar ma verduidelik vir haar dat dit al manier is om seker te maak dat die slegte man nie dieselfde dinge aan 'n ander meisietjie doen nie.

"O nee!" sê Busi. "Ek kan nie toelaat dat dit gebeur nie. Ek sal gaan! Sal jy saam met my gaan, Mamma?"

"Natuurlik sal ek," sê haar ma en gee vir haar 'n stywe drukkie. Busi is 'n baie dapper meisie.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

38

Kom ons dink na oor die storie

DATUM



Ons skryf Gesels met jou maat oor hierdie vrae en skryf dan die antwoorde daarop neer.

1. Dink jy dit was dapper van Busi om haar ma van haar aaklige ervaring te vertel? Waarom?

2. Wat het haar ma besluit hulle moet doen?

3. Wat het die polisieman vir Busi gesê?



4. Waarom was Busi ontsteld?

5. Waarom het Busi besluit om tog vir mense te vertel wat met haar gebeur het?

Adjektiewe of byvoeglike naamwoorde is woorde wat ons gebruik om selfstandige naamwoorde te beskryf. Adjektiewe sê vir ons meer omtrent 'n selfstandige naamwoord, en hulle kom gewoonlik voor 'n selfstandige naamwoord voor. Hulle kan ook na 'n werkwoord gebruik word. Gebruik adjektiewe om alles wat jy skryf, interessanter te maak.

6. Skryf enige sin of frase (meer as een woord) uit die gedeelte neer wat vir ons sê dat Busi 'n baie dapper meisie is.

Ons skryf

Omkring die adjektiewe in hierdie vier sinne.



1. Die aanklaer is kwaad.
2. Hy beskryf Busi as 'n dapper meisie.
3. Busi se ma is baie sorgsaam.
4. Die interessante hofsaak het 3 dae geduur.

Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in die sinne hieronder in. Kies die regte woorde uit die raampies.

haarself | homself | myself | hulleself



Ek het nie _____ seergemaak nie, dit was die slegte man.

Die mense wat by die hof gewerk het, het _____

as beamptes van die hof beskryf.

Die man praat met _____ .

Busi het _____ die oggend voor die hofsaak moed ingepraat.

Skryf nou 4 van jou eie sinne waarin jy elk van die woorde in die blokkies reg gebruik.

1.
2.
3.
4.









DATUM

39 Busi en die aanklaer





Ons praat

Kyk na die titel van hierdie werkkaart en gesels met jou maat oor die prent. Gesels oor wat jy dink volgende in Busi se storie gaan gebeur.



Ons lees

Lees nou die volgende hoofstuk in Busi se storie.

Busi en haar ma gaan hof toe om te praat met 'n spesiale regsgeleerde wat 'n aanklaer genoem word. Busi is baie bang, maar die aanklaer is 'n baie vriendelike vrou wat vir Busi verduidelik dat sy daar is om haar te help. Sy wys vir Busi 'n klomp poppe, en sê: "Ek wil hê jy moet vir my alles vertel, Busi. En as party dinge te moeilik is om te sê, kan jy die poppe gebruik om my te wys presies wat gebeur het."

Die aanklaer sê vir Busi dat sy op die dag van die hofsaak 'n eed sal moet neem.

"Wat is 'n eed?" vra Busi.

"Dit beteken dat jy belowe om die waarheid te vertel," sê die aanklaer. Sy verduidelik vir Busi hoe belangrik dit is dat sy die waarheid in die hof moet vertel, en dat dit teen die wet is om leuens te vertel. "Sal ek die slegte man sien?" vra Busi. "As ek hom moet sien, sal ek nie gaan nie!"

"Nee, Busi. Jy sal nie eens in dieselfde kamer as hy wees nie. Jy sal in 'n ander, veilige kamer wees by 'n tussenganger wat jou sal help." Busi is baie bly om dit te hoor, en meteens lyk dinge nie so erg nie.



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.



1. Wie het vir Busi gehelp om haarself vir die hofsaak voor te berei?

2. Hoe het die persoon Busi gehelp?

3. Kies uit die teks woorde waarmee jy hierdie sinne kan voltooi. Skryf die woorde in die raampies.

Die aanklaer het met _____ gepraat oor wat die dag in die hof sou gebeur. Die aanklaer het haar gerus gestel dat sy in 'n _____ kamer sou wees wanneer sy getuienis sou lewer, en dat sy nie bang hoef te wees nie.

Busi moes baie dapper wees. Skryf in jou dagboek 'n stukkie oor 'n keer toe jy dapper moes wees.

Liewe Dagboek

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

40 Busi in die hof



Ons praat

Gesels met jou maat oor die titel van hierdie werkkaart en oor die prentjie. Praat oor wat julle dink volgende in Busi se storie gaan gebeur.



Ons lees



'n Paar weke later breek die dag van die hofsaak aan, en Busi moet teruggaan hof toe. Sy voel nie so bang soos die eerste keer nie, en sy is selfs bly dat sy 'n dag se skool misloop! Sy en haar ma gaan na die aanklaer se kantoor, en daar ontmoet hulle vir Christina, die tussenganger wat haar gaan help. Sy het 'n baie vriendelike glimlag, en Busi hou dadelik van haar. Christina neem haar hand, en hulle gaan na die spesiale kamer, waar daar speelgoed is waarmee Busi kan speel. Haar ma moet buite wag. Christina steek 'n klein mikrofoontjie aan Busi se rok vas. Hulle is gereed vir die hofsaak teen die slegte man.



Toe Christina vir Busi vra of sy gereed is om 'n eed te neem, weet Busi presies wat dit is. Christina begin vir haar die vrae vra wat sy deur haar oorfone hoor. Eers is Busi 'n bietjie senuweeagtig, en moet Christina 'n paar vrae herhaal, maar Busi antwoord haar so eerlik as wat sy kan. Sy is baie skaam wanneer sy haar van die slegte dinge moet vertel, maar Christina gee vir haar die poppe en Busi gebruik die poppe om haar te wys wat gebeur het. Dit is baie makliker as om te praat!

Gou is alles verby, en Christina neem Busi buitentoe, waar haar ma vir haar wag. Haar ma gee vir haar 'n groot druk, en sê dan vir haar: "Jy is so 'n dapper meisie, Busi! Ek is regtig baie trots op jou."



Christina stem saam. "Ja, jy was baie sterk en dapper, Busi. En jy het die hof gehelp om te keer dat 'n baie slegte man aaklige dinge aan ander kinders sal doen. Baie dankie, jy het ons baie gehelp!"

Busi is baie moeg, maar sy voel gelukkig en tevrede. Uiteindelik is dit verby, en nou kan sy begin vergeet van die slegte dinge wat met haar gebeur het.

(Gebaseer op The Directorates: Publications Community Legal Services and Children's Issues.)



Ons praat Gesels met jou maat oor hierdie vrae.

1. Wat het jy uit hierdie storie geleer?
2. Waarom was dit vir Busi moeilik om hieroor te praat?
3. Wat dink jy behoort gedoen te word om meer kinders te help om te vertel wat slegte mense aan hulle gedoen het?
4. Wat behoort gedoen te word om te verhoed dat hierdie soort ding met ander kinders gebeur?



Ons skryf Beantwoord nou hierdie vrae.

1. Wat het dit vir Busi makliker gemaak om getuienis teen die slegte man te lewer?

2. Waarom het Busi aan die einde gelukkig en tevrede gevoel?

3. Waarom het Busi dadelik van die tussenganger gehou?

4. Dink jy Busi het haar maats by die skool van hierdie ervaring vertel?
   Sê waarom jy so dink.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

Môre Nuus

29 Mei 2013



Peuter uit rivier gered

'n Driejarige dogtertjie is uit 'n rivier gered deur 'n skoolseun, Dumisani Mkize, van die Ooskus- Primêre skool in KwaZulu-Natal. Twee dae gelede is die peuter in die sorg van haar agtjarige suster gelaat. Haar suster se aandag is egter deur maats afgelei, en die peuter het na die rivier toe afgedwaal. Mev Smit van die Departement Sosiale Ontwikkeling sê dat kinders altyd onder die toesig van 'n verantwoordelike volwassene gelaat moet word.

Polisie red ontvoerde meisie



Gister het die SAP 'n meisie wat 3 dae lank vermis was, gered van 'n bende wat met kinders handel dryf. Daar word gemeen dat die kind ontvoer is en dat die bende haar aan iemand oorkant die grens wou verkoop. Polisie in Mpumalanga het drie mans in verband met die ontvoering in hegtenis geneem. Kaptein Van der Merwe van die SAPD het gewaarsku dat kinders nooit saam met vreemdelinge iewers heen moet gaan nie.

Kinders in swaar belaaide bus beseer



'n Busbestuurder van die Diepkloof-skoolbusmaatskappy in Gauteng het vandag in die Diepkloof-landdroshof verskyn weens oorbelading. Hy het 39 kinders in 'n bus wat vir 30 kinders geskik is, ingedruk, en die bus het toe omgeslaan. Baie kinders is beseer, sommige ernstig.

Mnr Sekgobela van die Departement van Vervoer sê skoolkinders moet oorbelading, dronkbestuur of voertuie wat nie padwaardig is nie, aan hul skoolprinsipale rapporteer.



Ons praat

Kyk na die opskrifte en gesels oor waaroor die nuusberigte dalk kan handel.

Skool-meisie deur motor omgery





'n Twaalfjarige meisie is vandag in die Noord-Kaap deur 'n motor omgery toe sy die pad probeer oorsteek het toe die verkeerslig rooi was. Die kind is in die St. John-hospitaal opgeneem. Mnr Ndebele van die Departement van Vervoer het gesê dat dit belangrik is dat skoolkinders die verkeersreëls moet gehoorsaam.

Brandende matras steek huis aan die brand

Drie kinders is gister in die Vrystaat uit 'n brandende huis ontruim. Die brand het ontstaan toe een van die kinders 'n kers omgestamp het op die matras waarop hulle geslaap het. Die Breërivier-brandweer het betyds opgedaag om die kinders te red.

Offisier Skosana van die Breërivier-brandweerdepartement het gewaarsku dat kinders nie kerse, paraffienstofies of enige vlambare stowwe behoort te hanteer nie.





PEUTER DRINK PARAFFIEN

'n Tweejarige het gedink dat die vloeistof wat in sy huis in 'n koeldrankbottel gehou word, vrugtesap is. Die kind, wat 'n week gelede na die Rookruishospitaal in die Wes-Kaap gehaas is, is vandag ontslaan. Volgens Dr. Komane, 'n segspersoon vir die hospitaal, word baie kinders weens paraffienvergiftiging behandel. "Families moet nie paraffien in koeldrankbottels hou nie," het sy gesê.



41

Nog oor hoe om onveilige plekke veilig te maak

Ons skryf

Kyk weer na elk van die artikels. Vul dan die antwoorde op die vrae in die tabel hieronder in.

Wat is die opskrif van die berig?	Wat het gebeur?	Op watter datum het dit gebeur?	In watter provinsie het dit gebeur?
Peuter uit rivier gered	'n Driejarige het in 'n rivier geval omdat haar suster haar nie dopgehou het nie.	29 Mei 2012	KwaZulu-Natal








Noodtelefoonnommers	
Polisie	
Brandweer	
Ambulans	








Wat is die boodskap?	Watter kundige word in die nuusberig aangehaal?	Hoe kan ons seker maak dat dit nie weer gebeur nie?
Kinders moet altyd onder toesig van 'n verantwoordelike volwassene wees.	Mev. Smit van die Departement Sosiale Ontwikkeling	Kinders moet nie op hul eie naby aan water toegelaat word nie.










Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die woorde links.

ontslaan	in die hospitaal ingeneem
opgeneem	uit 'n gevaarlike situasie verwyder
ontruim	brand maklik
vlambare	toegelaat om die hospitaal te verlaat
ontvoer	mense wat brande bestry
peuter	om iemand onwettiglik weg te neem
brandweer	'n kind jonger as 4 jaar oud



42

Ons dink na oor veiligheid

DATUM



Ons praat

Kyk na die diagram en gesels met jou maat oor die soort veiligheidsprobleme wat kinders ondervind.



	Water 19%
	Paaie 30%
	Vuur 16%
	Huishoudelik 24%
	Molestering 11%



Ons skryf

Kyk weer na die kaart en beantwoord dan hierdie vrae.

Wat is kinders se grootste veiligheidsprobleem?	
Watter persentasie probleme kom in mense se huise voor?	
Watter persentasie probleme behels water of swem?	
Watter probleem word die minste aangemeld? Wat dink jy is die rede daarvoor?	

Kyk weer na die koerantopskrifte in die vorige werkkaart.
Vul die opskrifte in wat in elkeen van hierdie groepe geklassifiseer kan word.

Waterongelukke	
Vuur	
Ongelukke in die huis	
Molestering	



Ons pas

Wys wanneer hierdie aktiwiteite plaasvind. Trek 'n streep om elke sin met sy bywoord te verbind.

Ons speel elke dag sokker.	weekliks
Ons gaan elke week biblioteek toe.	daagliks
Ons boekklub vergader elke maand.	nou
Ons speel glad nie hokkie nie.	maandeliks
Ons is in die klas en lees ons boeke.	nooit

NUWE WOORDE



Ons praat

Sê vir jou maat hoe dikwels hierdie dinge plaasvind. Gebruik die tydlyn om jou te help.





Ons skryf

Onderstreep die bywoorde van tyd in hierdie sinne.

Ek lees gewoonlik 'n boek voordat ek aan die slaap raak.	Ek dra altyd my uniform wanneer ek skool toe gaan.
Ek eet soms roomys.	Ek speel byna nooit tennis nie.
Sy besoek my dikwels.	Ek gaan nooit teater toe nie.

Skryf sinne oor jouself deur hierdie woorde te gebruik.

nooit	
byna nooit	
partykeer	
soms	
dikwels	
gewoonlik	
altyd	

Onderwyser:
Teken:
Datum:

43 Ons kyk mooi na onsself en ons omgewing

DATUM

Ons lees

Lees die brief wat Bessie aan Mandu geskryf het.



Walkerstraat 21
Walkerville 9000
1 Junie 2013

Liewe Mandu

Ek hoop dit gaan goed met jou, en dat jy hard oefen vir die volgende marathon. Ek het 'n besering gehad, maar dit gaan nou beter en ek draf alweer.

Twee maande gelede, terwyl ons vir die skool se marathon geoefen het, het ek my voet aan 'n glasstuk gesny. Ek moes vier steke kry. Die veld waar ons gewoonlik hardloop, is vol gemors, en daar is baie stukkende glas en ou blikkies. Dit lyk lelik, en dit is ook gevaarlik.

As gevolg van my besering het die Graad 6-klas besluit om 'n omgewingsklub te stig. Ons het al baie projekte aangepak. Ons het begin deur ons skool en die gebied om ons skool skoon en mooi te maak, veral die area waarin ons draf. Ons het ook gras

Lees die brief weer en onderstreep dan al die bywoorde wat vir ons sê hoe dikwels iets gebeur. (Gebruik die bywoordtydlyn op werkkaart 42 om jou te help.)

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Omkring die letters langs die regte antwoorde. As jy nie seker van die regte antwoorde is nie, lees die brief weer.

Waarom het die Graad 6-klas besluit om met 'n skoonmaakprogram te begin?	
A	Omdat hulle wil hê alles moet skoon wees.
B	Omdat Bessie haar voet aan stukkende glas gesny het.
C	Omdat hulle altyd die skool skoonmaak.
D	Omdat hulle groente wou kweek.

Watter soort besoedeling word NIE in die brief genoem nie?	
A	Lug-besoedeling
B	Water-besoedeling
C	Omgewings-besoedeling
D	Geraas-besoedeling

Wat was die hoofdoel van die brief?	
A	Die skrywer wou haar maat vertel van die vis wat doodgaan.
B	Sy wou haar maat vertel dat sy seergekry het.
C	Sy wou vir haar maat sê om vir die volgende marathon te oefen.
D	Sy wou haar vertel dat hulle 'n omgewingsklub gestig het nadat sy seergekry het.

Watter van hierdie probleme wat deur besoedeling veroorsaak word, word NIE in die brief genoem nie?	
A	Ons kry asma van lugbesoedeling.
B	Ons sny onsself aan stukkende glas.
C	Diere sterf as gevolg van gronderosie.
D	Vis gaan dood weens water-besoedeling.

en bome in die skool se speelgrond geplant. Ons lei die gras smiddae nat wanneer die ander kinders huis toe is.

Ons klas het ook met 'n groentetuin begin. Ons voorsien nou groente vir ons skoolmiddagetes. Soms, wanneer daar genoeg is, neem ons van die groente huis toe. Ek het nooit daarvan gehou om in die tuin te werk nie, maar nou geniet ek dit soveel dat ek altyd in die groentetuin is. Ons leer baie van plante en voeding.

Een maal per week maak ons skoon rondom die skool. Partykeer maak ons ook die rivieroewer skoon, omdat die vis doodgaan as gevolg van die waterbesoedeling. Ons het ook met die fabrieke in die omgewing gepraat oor die besoedeling wat hulle veroorsaak. Fabrieke gee nie gewoonlik om wat hulle aan ons lug doen nie. Baie kinders ly aan asma as gevolg van al die rook.

Wat doen jou skool om besoedeling te bekamp? Julle kan gerus kom kyk wat ons by ons skool doen.

Jou maat

Bessie





Ons skryf Noem 3 van die aktiwiteite van die omgewingsklub.

1 _____

2 _____

3 _____

Noem die 3 voordele van die groentetuin wat in die brief genoem word.

1 _____

2 _____

3 _____

Onderwyser:

Teken:

Datum:

44

Ons ondersoek ons eie omgewing

DATUM



Stap saam met twee van jou maats op die skoolgrond rond en kyk na die omgewing binne en buite die skoolheining. Maak 'n regmerkie in die regte kolom om aan te dui wat die gehalte van die omgewing is, en skryf dan waarom jy so sê.

				Waarom sê jy so?
Lug 				
Water 				
Bome 				
Plante 				
Geraas 				
Diere 				
Rommel 				

Teken nou 'n plan van jou skool van bo af. Merk die omgewingsprobleme op jou tekening. Wys jou tekening vir jou maat en wys vir hom of haar waar die omgewingsprobleme is. Merk hulle met X'e.



Die omgewing in en om my skool.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

45

Michael kry 'n troeteldier

DATUM



Ons lees





Michael smeek sy pa om hom toe te laat om 'n marmotjie as troeteldier te kry. Sy pa sê ja, en vra Michael om te belowe dat hy die marmotjie mooi sal versorg.

"Ek sal," belowe Michael.

"Onthou om hom baie versigtig te hanteer, en om hom nooit aan sy stert op te tel nie."

"Ek sal nie," sê Michael. "Sal dit hom seermaak?"

"Nie net dit nie," sê sy pa ernstig. "Sy oë sal uitval!"

"Regtig!" sê Michael. Hy is verstom. "Ek sal dan baie versigtig wees."

Michael maak vir die marmotjie 'n groot hok en maak 'n bedjie van houtsaagsels vir hom gereed. Toe gaan hy na die troeteldierwinkel en kies vir hom 'n bruin marmotjie.



Die eienaar van die winkel sê vir hom: "Jy kan vir hom vrugte, rou groente en graanvlokkies gee. O en terloops, moet hom nie aan sy stert optel nie, want sy oë sal uitval."

"Ek weet dit," sê Michael. Op pad huis toe wonder hy hoe 'n marmotjie se oë kan uitval. Hulle moet tog in sy kop vas wees sodat hulle nie net eenvoudig op die grond kan val nie?

Versigtig tel hy die diertjie op om sy gesiggie te ondersoek. Sy oë lyk heeltemal normaal. Michael draai die wriemelende diertjie tussen sy hande om. Hy is baie versigtig, en raak 'n bietjie bang toe hy dink dat hy per ongeluk aan sy stert geraak het. Maar waar is die gevaarlike stert?

Elke nou en dan inspekteer hy die marmotjie versigtig. Hy kan glad nie sy stert kry nie!

Uiteindelik hardloop hy die huis binne. "Daar's iets verkeerd met my marmotjie," sê hy vir sy ma. "Hy het glad nie 'n stert nie!"

Sy ma lag baie lekker.

"Marmotjies het nie sterte nie," sê sy. "Dis 'n ou grap."

"Julle het met my gespeel," sê Michael, en hy voel 'n bietjie verleë. Maar hy kry dit darem reg om vir homself te lag. Dan dra hy sy stertlose troeteldier versigtig terug na sy nuwe huis om met hom te gaan speel.

Ons skryf

Omkring die letters langs die regte antwoorde. Indien jy nie seker van die antwoorde is nie, lees die storie weer.

Waarom het Michael die marmotjie bly ondersoek?	
A	Hy wou nie aan sy stert raak nie.
B	Hy wou kyk of die marmotjie se oë stewig vassit.
C	Hy het die marmotjie se stert gesoek.
D	Hy wou die marmotjie versigtig hanteer.

Waarom het Michael die marmotjie so versigtig hanteer?	
A	Hy wou nie aan die stert raak nie.
B	Omdat hy so klein was.
C	Omdat hy gewriemel het.
D	Omdat hy nie 'n stert gehad het nie.

Watter kleur was die marmotjie?	
A	Wit
B	Bruin
C	Swart
D	Grys

"Elke nou en dan" beteken:	
A	Partykeer
B	Dikwels
C	Altyd
D	Nooit

NUWE WOORDE

Verbeel jou jy is die marmotjie wat Michael gekoop het. Skryf 'n stukkie in jou dagboek oor hoe jy gevoel het toe Michael jou by die troeteldierwinkel kom koop het. Watter soort huis en watter soort kos het Michael vir jou gegee? Was Michael regtig bang dat jou oë sou uitval?

Party woorde kry kappies wanneer hul meervoude gevorm word, bv. rug word rûe.

brug 	
sog 	
wig 	
trog 	

Liewe Dagboek

Datum

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

46 Taaldinge



Hierdie woorde word **homofone** genoem. Hulle klink dieselfde maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse. Gebruik 'n woordeboek om jou te help om die betekenisse van al die woorde te kry, en skryf 'n sin met elke woord.

vyl	
feil	
steil	
styl	
vaal	
faal	
pyl	
peil	



Kyk mooi na hierdie woorde en hul verkleiningsvorme.

graaf	grafie
oog	ogie
blaf	blaffie
hoop	hopie
dop	doppie
plas	plassie

hond	hondjie
geut	geutjie
saad	saadjie
meeu	meeutjie
trui	truitjie
by	bytjie

paal	paaltjie
seil	seiltjie
sirkel	sirkeltjie
been	beentjie
muur	muurtjie
oor	oortjie

Gebruik nou 3 van die stelle woorde in sinne.

Ons skryf Vul hierdie voorsetsels op die regte plekke in. Gebruik elkeen net een keer.

binne-in | met | in | bo-op | na | langs | voor

_____ middagete loop Michael _____ die marmotjie sagkens _____ sy hande toegevou. Die marmotjie is kleiner as wat hy gedink het hy sou wees. Hy sit die marmotjie _____ 'n hokkie en sit die hokkie _____ die boekrak _____ die deur. Michael hardloop _____ sy pa toe. "Pa," roep hy, "die marmotjie het nie 'n stert nie!"

Verbeel jou nou dat jy Michael is. Skryf 'n brief aan jou maat waarin jy hom of haar vertel dat jy nou 'n marmotjie het. Vertel vir jou maat hoe bang jy was toe jy jou troeteldier gekry het.







Liewe _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Jou maat _____

_____

Onderwyser:

Teken:

Datum:

47

Diere groot en klein

DATUM

Ons lees Lees hierdie inligting oor diere en beantwoord dan die vrae op die volgende bladsy.



Diere kom in verskillende vorms en groottes – van groot olifante tot klein marmotjies en nog kleiner slakkies. Sommige diertjies is so klein dat ons hulle net deur 'n mikroskoop kan sien. Alle diere het lug nodig om asem te haal, en moet eet om te groei. Daar is miljoene verskillende soorte diere. Daar is soveel diere dat wetenskaplikes hulle in verskillende groepe verdeel.
Het jy geweet mense is ook diere?



Werweldiere

Diere met ruggrate word welweldiere genoem. Jy het 'n ruggraat, daarom is jy ook 'n werweldier.



Ongewerwelde diere

Diere sonder ruggrate word ongewerwelde diere genoem.



Wat eet hulle?

Diere wat plante eet, word planteters of herbivore genoem.

Diere wat ander diere eet, word vleiseters of karnivore genoem.

Diere wat beide plante en diere eet, word alleseters of omnivore genoem.



Wat is soogdiere?

Soogdiere is diere wat hare of pels het. Moeders voed hul babas met melk wat hulle self produseer. Mense is ook soogdiere. Wanneer ons babas is, word ons op moedersmelk gevoed.



Wat is voëls? Voëls het vlerke en vere, bekke en kloue waarmee hulle vasgryp, en party voëls soos eende het gewebde voete sodat hulle kan swem. Die meeste voëls kan vlieg. Party voëls is klein, en ander is groot, soos volstruise. Volstruise kan nie vlieg nie, maar hulle kan baie vinnig hardloop. Voëls is warmbloedige diere.



4 000	4 150	6 500	8 800	21 500	1 mijoen
Amfibieë	Soogdiere	Reptiele	Voëls	Visse	
Werweldiere					Ongewerwelde diere



Wat is amfibieë?

Amfibieë is koudbloedige diere. Aan die begin van hul lewe woon hulle in die water en haal deur kieue asem. Later beweeg hulle land toe en haal met longe asem. Voorbeelde van amfibieë is paddas, wat hul eiers in die water lê.

Wat is reptiele? Reptiele het skubbe en lê eiers. Hulle is koudbloedige diere. Dit beteken dat hulle nie hul liggame in koue weer warm kan hou nie. Hulle het baie sonskyn nodig om warm te bly. Gedurende koue winters hiberneer hulle. Dit beteken dat hulle deur die wintermaande slaap. Skilpaaie en waterskilpaaie is reptiele. 'n Skilpad woon sy lewe lank op land, en 'n waterskilpad bestee die meeste van sy tyd in die water.

Wat is visse?

Visse is koudbloedige diere. Hulle bring hul hele lewe in die water deur. Sommige woon in die see en sommige in vars water, in riviere en mere. Visse moet onder water asem haal. Hoe doen hulle dit? Water gaan die vis se bek binne en beweeg oor sy kieue, wat suurstof uit die water opneem. Die res van die water word dan weer deur die kieue uitgeskei.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

48

Ons deel ons wêreld met diere

DATUM



Ons praat

Vertel jou maat 5 feite wat jy in die vorige werkkaart te wete gekom het. Beantwoord dan hierdie vrae.

- Watter diere is koudbloedig?
- Wat beteken "koudbloedig"?
- Hoe haal visse asem?



Ons skryf

Vul op elke lys 5 diere in.

Werweldiere	Ongewerwelde diere

Dui met regmerkies aan of hierdie dieregroepe warmbloedig of koudbloedig is.

	Soogdiere	Voëls	Amfibieë	Reptiele	Visse
Warmbloedig					
Koudbloedig					



Ons skryf

Kyk na hierdie sinne en onderstreep die bywoorde.

Reptiele slaap in die winter.

Volstruise kan baie vinnig hardloop.

Party visse leef in vars water. .



Nog bywoorde

Wanneer ons meer oor 'n handeling wil sê, kan ons **bywoorde** gebruik. Bywoorde sê vir ons van die **tyd**, **plek** of **manier** waarop elke handeling uitgevoer is.

NUWE WOORDE

Skryf die bywoorde onder die regte opskrifte in die tabel.

Wanneer?	Waar?	Hoe?



Voltooi elke sin met 'n bywoord uit die lys. Onderstreep die werkwoord wat deur die bywoord beskryf word. Vul in die regterhandse kolom in of die bywoord na "wanneer", "waar" of "hoe" verwys.

Skilpaaie beweeg _____ .	
_____ het jy by die skool aangekom?	
Jy moet _____ links en regs kyk voordat jy die straat oorsteek.	
Vandag is Dinsdag, _____ was Maandag.	
Hy het die marmotjie _____ vasgehou.	
Hy het sy marmotjie _____ ondersoek.	
Ek was nog nooit tevore _____ nie.	



Wêreldomgewingsdag sal op 5 Junie gevier word. Jul skooldistrik hou 'n kinderkunskompetisie, en jy gaan inskryf. Ontwerp 'n plakkaat wat wys hoe ons ons wêreld met plante, bome, diere, insekte of voëls deel.

Onderwyser:
Teken:
Datum:



Naby en ver



4











49

Ons versprei die nuus

DATUM



Ons lees

Lees die e-pos wat Nico vir sy maats by die Mooidorp-skool geskryf het.

Aan:	bongi@library.com, jabu@library.com, anita@library.com, jan@library.com		
Van:	nico@school.com	1 Oktober 2013	14:22

Liewe Bongi, Anita, Jan en Jabu,

Soos julle weet, het ek stad toe getrek. Gauteng is ’n baie besige provinsie. Daar is meer as 11 miljoen mense hier! Dit is 5 en ’n half miljoen meer as die bevolking van Limpopo. Ek mis regtig Limpopo.

Daar is meer as 1 000 kinders in my nuwe skool. Die skool is naby aan die park en die swembad. Ek is bly daaroor, want ons woon op die vierde verdieping van ’n woonstelgebou en ons het nie ’n tuin nie, maar ek kan in die park speel. Ek is ook gelukkig dat ek oorkant ’n internetkafee woon. Ek gaan dikwels daarheen om rekenaarspeletjies te speel.

Ek hoop dat ek vir die sokkerspan gekies sal word, maar ek is nie so goed soos die ander onder-13-seuns nie. Ek hoop dat ek dalk die B-span sal haal.

Skryf asseblief vir my wanneer julle weer biblioteek toe gaan.

Groete

Nico

Stuur



Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae.

Wie het die e-pos geskryf?	
Op watter datum en hoe laat is die e-pos gestuur?	
Wat is Nico se e-posadres?	
Wat is Bongi se e-posadres?	
Van waar af het Nico en sy gesin verhuis?	
Waarheen het hulle verhuis?	
Hoe hanteer Nico dit dat hy nie 'n tuin het om in te speel nie?	
Dink Nico dat hy vir die sokkerspan gekies gaan word? Waarom?	
Hoeveel mense woon in die Gauteng-provinsie?	
Hoeveel mense woon in die Limpopo-provinsie?	

Ons skryf

Skryf 'n e-pos aan 'n denkbeeldige maat wat in 'n ander provinsie woon. Vertel hom of haar wat tot dusver hierdie kwartaal met jou gebeur het.

Aan: _____@_____

Van: _____@_____ Date:

Liewe

Stuur

Gebruik nou die hoofpunte van jou e-pos om 'n SMS vir dieselfde maat op te stel.



50

Waar ons woon

DATUM



Ons praat

Kyk na die woonstelgebou waarin Nico en Thandi woon. Waar het die kunstenaar gestaan toe sy hierdie prent geteken het?



- Hoeveel vloere of verdiepings is daar in hierdie gebou?
- Hoeveel woonstelle is daar in die gebou?
- Merk die woonstelle waarin Nico en Thandi woon.
  - Nico woon in die middelste woonstel op die 4de verdieping – woonstel nommer 4B.
  - Thandi woon in die derde woonstel op die 3de vloer – woonstel nommer 3C.



Ons skryf

Kom ons kyk wat die mense in die woonstelgebou doen. Kyk nou na die aktiwiteite in die tabel hieronder. In watter woonstelle doen die mense hierdie dinge? Skryf die nommer van die woonstel in die ruimtes wat voorsien word. Gebruik die nommers in die rooi kolom links en die letters in die blou kolom boaan. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

NUWE WOORDE

Nico doen sy huiswerk.	**4B**	Die meisie neem haar medisyne.		Die meisie lees haar biblioteekboek.	

Kies nou 4 woonstelle. Skryf 3 sinne oor wat in elkeen van die woonstelle gebeur. Begin jou sinne met vandag, gister en môre.



51 Plekke waar ons woon

DATUM

Ons praat

Kyk na die kaart en gesels oor die plekke daarop. Sê wat in elke blok is, en wys daarna. Sê dan watter plekke daar naby is. Kyk na die spoorlyn. Wat is aan weerskante van die spoorlyn?



NUWE WOORDE

Ons skryf

Sê nou waar elkeen van hierdie plekke is. Gebruik die nommers in die rooi kolom links en die letters in die blou kolom boaan die kaart.

Waar is die kliniek?	2D	Waar is die hospitaal?	
Waar is die kerk?		Waar is die polisiestasie?	
Waar is die brandweerstasie?		Waar is die woonstelgebou?	
Waar is die skool?		Waar is die poskantoor?	
Waar is die bank?		Waar is die park?	



Ons skryf

Gesels nou met jou maat oor die verskillende plekke op die kaart. Beantwoord hierdie vrae saam en vul die antwoorde dan hier in.

Noem 2 plekke wat naby aan die skool is.		
Noem 4 plekke wat oorkant die park is.		
Watter plekke is oorkant die brandweerstasie?		
Watter plek is nader aan die skool – die park of die kliniek?		
Is die woonstelgebou naby aan of ver van die skool?		
Indien daar 'n brand in die mark sou uitbreek, hoe ver sou die brandweerwa moet ry? Tel die blokke.		
Waar sou jy graag wil woon? Sê in watter blok, en sê waarom jy hierdie blok gekies het.		

Ons praat

Gee aan jou maat padaanwysings van enige 5 plekke op die kaart af. Moenie sê waarheen jy jou maat stuur nie. Kyk of jou maat die plek kan kry deur jou padaanwysings te volg.

Ons skryf

Merk twee plekke wat ver uitmekaar op die kaart is. Skryf padaanwysings oor hoe om van die een plek by die ander een uit te kom.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

52 Ons beskryf dinge



Ons praat

Kan jy aan tye dink wanneer jy aan iemand anders moet beskryf hoe iets lyk?



Ons lees

Kyk na die boks in die prentjie hieronder. Jy kan een lang sy sien, wat groen is. Die ander lang sy, wat jy nie kan sien nie, is ook groen. Die lang bokant is rooi, en die lang onderkant, wat jy nie kan sien nie, is ook rooi. Die kort sy is blou, en die ander kort sy, wat jy nie kan sien nie, is ook blou.



Skryf nou etikette vir die boks. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

rooi

blou

kort sy

groen

lang sy

lang bokant



Kyk weer na die boks en gebruik dan die woorde in die raampies om hierdie sinne te voltooi. Die eerste een is vir jou gedoen.

NUWE WOORDE

kort blou sy

kort sy

lang groen sy



1. Ek kan die lang groen sy en die rooi bokant sien.
2. Ek kan die _____ sien.
3. Ek kan die _____ en die _____ sien.
4. Ek kan die _____ sien.
5. Ek kan die _____, die _____ en die _____ sien.
6. Ek kan die _____ en die _____ sien.



- Gesels oor die kleure van hierdie boks. Elke sy het 'n ander kleur.
- Wys na die sye wat jy kan sien, en sê vir jou maat watter kleur elke sy is.
- Verbeel jou dat jy die boks van onder, van agter en van die linkerkant af kan sien. Sê vir jou maat watter kleure jy weet jy sal sien.
- Soek die lyne wat parallel aan mekaar is. Merk hulle met 'n kruis (X).
- Soek die hoeke en merk hulle met 'n regmerkie (√).
- Indien jy 'n boks by jou in die klas het, bekyk dit van alle kante.
- Kleur nou die verskillende sye van die bokse in. Gebruik dieselfde kleure as die boks op die teenoorgestelde bladsy.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

53

Ons lees die getalle

DATUM



Ons praat

Die Graad 6-leerders van die Mooidorp-skool geniet 'n hele aantal verskillende sportsoorte. Ons het die sportsoorte op drie verskillende maniere aangebied. Kyk 'n paar minute lank op jou eie na die verskillende voorstellings, en bespreek hulle dan met jou maat.

Hierdie soort prent word 'n staafgrafiek genoem. Dit sê vir ons van watter sportsoorte kinders hou. Kyk na die onderste lyn en bespreek met jou maat watter sportsoorte genoem word. Kyk na die getalle aan die linkerkant van die grafiek en sê watter getalle genoem word.





Ons skryf Beantwoord hierdie vrae.

Watter sportsoort is die gewildste?	
Hoeveel kinders hou van netbal?	
Watter sportsoort is die minste gewild?	
Hou die kinders in jou skool van dieselfde sportsoorte?	

Ons praat

Hierdie soort prent noem ons 'n sektordiagram. In Engels word dit 'n *pie chart* genoem, omdat dit lyk soos 'n tert wat in stukke gesny is. Die diagram sê vir ons watter persentasie (%) kinders in Graad 6 van watter sportsoorte hou.

Kyk na die % op elke sektor, en sê vir jou maat watter persentasie kinders van die verskillende sportsoorte hou.

Gewilde sportsoorte



Ons skryf

Watter sportsoort is die gewildste?	
Watter % van die kinders hou van hierdie sportsoort?	
Watter sportsoort is die minste gewild?	
Watter % van die kinders hou van hierdie sportsoort?	

Ons praat

Hierdie soort prent word 'n piktogram genoem. Prente word gebruik om die persentasie kinders wat aan sportsoorte deelneem, te wys. Kyk na die getal aan die einde van elke staaf, en sê vir jou maat hoeveel kinders van elke sportsoort hou. Kyk na die prentjies wat gebruik word om elke staaf te illustreer. Pas hulle by die etikette aan die linkerkant?

Gewilde sportsoorte



Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

54 Ons kry dit reg



Ons praat

Praat met jou maat oor hierdie tabel, en gebruik dit om jou te help om **negatiewe** sinne te vorm.

Ek	hou	nie	van rugby	nie
Jy	steek		die straat oor	
Ons	speel		sokker	
Hulle	word		gou kwaad	
Hy	eet		baie lekkers	
Sy	kyk		baie televisie	
Dit	sneeu		in Suid-Afrika	









Ons skryf

Gebruik nou die tabel en enige ander voorbeelde waaraan jy kan dink om sinne in die negatiewe vorm te skryf. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

Hy hou nie van rugby nie.





Ons skryf

Kyk weer na die negatiewe sinne wat jy geskryf het. Skryf elkeen nou in die vorm van 'n vraag oor.



Hou hy van rugby?

Kies en omkring die regte woord in elke sin.

Was/**het** hy goed sokker gespeel?	Hulle **het**/**was** die wenners van die wedstryd.
Sy **het**/**was** nie graag tennis geoefen nie.	Wie **was**/**het** julle afgerig?

Vir die pret

Gee aan jou maat padaanwysings oor hoe om by die verskillende plekke op hierdie kaart uit te kom. Begin altyd van jou skool af beduie.



		winkel						
rivier					biblioteek			
							winkel	
swembad				skool				
						poskantoor		
	mark							park
			tandarts					
		internetkafee						
1	2	3	4	5	6	7	8	9

Ons skryf

Lees die padaanwysings en vul in die kolom regs in waarheen hulle op pad is. Onthou dat al die aanwysings by die skool moet begin.



Ek stap 2 blokke suid en 3 blokke wes.	
Ek stap 4 blokke suid en 2 blokke wes.	
Ek stap 4 blokke wes.	
Ek stap 3 blokke noord en 2 blokke wes.	
Ek stap 1 blok noord en 3 blokke oos.	
Ek stap 2 blokke noord en 1 blok oos.	

55

Nog kaartwerk

DATUM

Ons lees Kyk mooi na die kaart en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



Limpopo
5,5 miljoen
Polokwane
Mbombela
Gauteng
11,2 miljoen
Pretoria
Mpumalanga
3,6 miljoen
Mafikeng
Noordwes
3,2 miljoen
Vrystaat
2,8 mijoen
KwaZulu-Natal
10,6 mijoen
Kimberley
Bloemfontein
Pietermaritzburg
Noord-Kaap
1,1 miljoen
Oos-Kaap
6,7 miljoen
Bhisho
Wes-Kaap
5,2 miljoen
Kaapstad

Suid-Afrika

Ons skryf

Bestudeer die kaart van Suid-Afrika en beantwoord dan hierdie vrae.

Hoeveel provinsies is daar in Suid-Afrika?	
Watter provinsie het die meeste mense?	
Watter provinsie het die minste mense?	
Watter twee provinsies het ewe veel mense?	
In watter provinsie woon jy?	
Hoeveel mense is daar in jou provinsie?	
Wat is die hoofstad van KwaZulu-Natal?	
Wat is die hoofstad van die Noord-Kaap?	
Watter provinsie het minder as 2 miljoen mense?	
Watter provinsies lê langs die see?	
Watter provinsie is die grootste?	
Watter provinsie het die langste kuslyn?	

Werk met woorde

Vertaal hierdie woorde in Afrikaans.

most	
least	
more than	
fewer than	
how many?	
larger	
smaller	
million	
thousand	
parallel	
corners	



Onderwyser:

Teken:

Datum:

56

Kinders in verskillende plekke

DATUM

Ons lees



My naam is Malebo. Ek woon in Soshanguve in Gauteng. Ek is 10 jaar oud, en ek is in Graad 5. Ek praat Sepedi by die huis. My stokperdjie is lees. Ek behoort aan 'n boekklub wat elke Saterdag by die biblioteek bymekaarkom. Ons vertel vir mekaar watter boeke ons lees en dan ruil ons boeke om. Ek wil graag 'n bibliotekaresse word wanneer ek die skool verlaat.

Ek is Lulama en ek woon in Mthatha. Xhosa is my eerste taal, maar ek praat ook Zulu. Ek is 11 jaar oud en in Graad 6. My spesiale talent is musiek. My pa is 'n trompetspeler, en hy het my geleer om trompet te speel. Wanneer ek die skool verlaat, wil ek graag musiek aan die universiteit gaan studeer.



Ek is Ndivhuho en ek praat Venda. Ek woon in Thohoyandou in Limpopo. Ek is 14 jaar oud en in Graad 9. Ek speel sokker vir my skool, en ek speel ook vir die onder-15-span die Swart Luiperds. Ek wil eendag 'n professionele sokkerspeler word.

Ons skryf

Vul nou die besonderhede van elke kind in die tabel in.

Naam	Ouderdom	Graad	Taal	Provinsie	Stokperdjie	Wil eendag dit doen



Ek is Phaladi van Mafikeng in die Noordwes-Provinsie. Ek is 12 jaar oud, praat Setswana en is in Graad 7. Ek en my maats behoort aan 'n omgewingsklub. Ons kom naweke bymekaar en maak die parke en rivieroewers skoon. Ons geniet dit baie, want ons hou daarvan om tyd saam deur te bring en ons omgewing te bewaar. Ek wil eendag graag 'n wildbewaarder word.

Ek is Zodwa en ek kom van Mbombela in Mpumalanga. Ek is 9 jaar oud en praat Siswati. Ek is in Graad 5. Ek is baie lief vir diere. Ek het 3 honde en 2 katte. Wanneer ek die skool verlaat, wil ek graag 'n veearts word. Ek help elke Saterdag by die Dierebeskermingsvereniging. Ek is ook deel van 'n katversorgingsgroep. Ons help katte wat nie huise het nie.





Ek is Marieta. Ek woon in Kaapstad in die Wes-Kaap. Ek praat Afrikaans en ek is in Graad 12. Ek swem graag, en ek bestee die meeste van my tyd op die strand. Ek het opleiding as 'n lewensredder ontvang. Volgende jaar gaan ek kollege toe sodat ek 'n onderwyser kan word.

Ek is Jan, en ek woon in Kuruman in die Noord-Kaap. Ek praat Afrikaans. Ek is 13 jaar oud en in Graad 7. My stokperdjie is om groente en eksotiese plante te kweek. Wanneer ek die skool verlaat, wil ek 'n tuinboukundige word.





Ek is Mandu. Ek woon in Umlazi in KwaZulu-Natal. Ek praat Zulu en Engels. Ek is 14 jaar oud en in Graad 9. Ek het by die skool by 'n noodhulpklas aangesluit. Ek wil graag 'n verpleegster word. Noodhulp is baie nuttig. Ek het reeds 'n seuntjie se lewe gered.

Skryf nou 'n beskrywing van jouself.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

57 Meer oor myself

Ons lees Kyk na Mandla se CV.



Wat is 'n CV?

Wanneer jy ouer is, sal mense jou dikwels vra vir jou CV. In jou CV sal jy inligting skryf oor jouself en oor wat jy in jou lewe gedoen het. In 'n CV gee 'n mens persoonlike inligting asook inligting oor jou kwalifikasies. Jy sê ook wat jou stokperdjies en belangstellings is.

CV staan vir *curriculum vitae*, wat beteken lewenspad.

Naam	Mandla Ntuli
Geboortedatum	21 Maart 2003
Adres	Luthuliweg 24 Groen Dorp Kaapstad 9876
Telefoonnommer	031 0000000
Skool	Mooidorp-laerskool
Graad	Graad 6
Stokperdjies	Sokker vir die skoolspan Sokker vir die gemeenskapsklub Lees Swem Rekenaarspeletjies





Referente: Name van twee mense wat my ken	
My onderwyser Mev. A Shabalala Graad 4-onderwyser Mooidorp-laerskool Ntuliweg Tel: 000 123 4567	My sokkerafrigter Mnr. D James Kloof-sokkerklub 1ste Laan Tel: 000 7654321





Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Waar woon Mandla?	
Wat is sy telefoonnommer?	
Watter skool woon hy by?	
In watter graad is hy?	
Wat is sy stokperdjies?	
Aan watter sokkerklub behoort Mandla?	
Watter twee mense sal vir Mandla referente wees?	

NUWE WOORDE



Skryf 'n CV vir jouself. Vul jou inligting op hierdie CV-vorm in.



CV vir _____

Volle naam	
Geboortedatum	
Adres	
Telefoonnommer	
Skool	
Graad	
Stokperdjies	
Referente: Die name van twee mense wat my ken.	
1.	
2.	











58 'n Radio-onderhoud

Ons lees

DATUM

Vandag het ons 'n baie spesiale gas: niemand anders nie as die wêreldbekende Justin Bieber! Welkom, Justin! Ons weet dat ons luisteraars groot bewonderaars van jou is, en dat hulle baie graag meer oor jou te wete sal wil kom. Baie dankie dat jy ingestem het om met ons te gesels.

Waar en wanneer is jy gebore?

Ek is op die 1ste Maart 1994 in Kanada gebore.

Hoe was jou lewe voordat jou musiekloopbaan begin het?

Ek het alleen by my ma grootgeword. My pa het in 'n ander dorp gewoon. Ons was arm, en het nie die dinge gehad wat my maats op skool gehad het nie. Maar ek het musiek gemaak, en ek was gelukkig.



Wat dink jy van onderwys?

Dit is baie belangrik om te leer. Alle kinders behoort hard te werk op skool. Wanneer ek ouer is, wil ek universiteit toe gaan. Ek wil myself voortdurend verbeter.

Van watter sportsoorte en ander ontspanningsaktiwiteite hou jy?

Ek hou van hokkie en sokker, en ek geniet dit om skaak te speel. Ek geniet dit ook om musiekinstrumente te bespeel. Ek speel kitaar, klavier, dromme en trompet.

Hoe het jou loopbaan vlamgevat?

Toe ek 12 was, het ek aan 'n sangkompetisie deelgeneem en tweede prys gewen. 'n Video van die kompetisie is op You Tube opgelaai. Een van die mense wat die video gesien het, was 'n

musiekprodusent. Hy het gehou van my sang en van die manier waarop ek dromme, kitaar, klavier en trompet gespeel het. Hy het my bestuurder geword. Ek was toe 13 jaar oud. Sedertdien tree ek op en reis ek oral in die wêreld rond.

Wat mis jy omtrent jou vroeëre lewe?

Ek reis baie. Ek mis ons huis. Ek mis ook my familie en vriende, en my hond Sam.

Watter boodskap het jy vir ander jongmense?

Ek wil vir ander jongmense sê dat jy enigiets kan doen as jy net vasberade genoeg is.



Ons praat Bespreek hierdie vrae met jou maat.

- Wie dink jy sal meer in Justin belangstel?
  - Mense van stede of van die platteland?
  - Ouer of jonger mense?
- Hoe het Justin se loopbaan begin?
- Word daar onderhoude met popsterre gevoer op enige van die radio- of TV-programme waarna jy luister of kyk? Wat is die name van die programme?



Ons pas Kies die betekenis regs wat by die woord links pas.

vasberade	werk
vlamgevat	leer
loopbaan	mense wat iemand bewonder
bewonderaars	doelgerig
te wete kom	op dreef gekom



Ons skryf Vul 'n kaart vir Justin in.

Naam	
Ouderdom	
Land	
Taal	
Stokperdjies	



59

Ons dink aan die sterre

DATUM



Ons skryf Lees weer die onderhoud met Justin Bieber, en beantwoord dan hierdie vrae.

Hoe oud is Bieber vandag?

Watter sin sê vir ons dat hy arm was as kind? Skryf die sin neer.

Wat is sy loopbaan?

Wat mis hy omtrent sy vroeëre lewe?





Ons praat Vind uit van watter sterre jou maats die meeste hou. Dit kan sportsterre of popsterre wees. Vul die name van die sport- of popsterre in die geel ruimte onderaan die tabel in. Vra nou 10 maats van watter van hierdie sterre hulle die meeste hou. Kleur vir elke persoon 'n blokkie in bo die naam van die ster wat hulle kies.

10				
9				
8				
7				
6				
5				
4				
3				
2				
1				

Vul die name van sport- of popsterre hier in. Dink aan enige beroemde persoon en skryf sy of haar naam in die geel ruimte in. Kleur die kolomme van onder af in.

Watter ster is die gewildste, wat die meeste van jou maats gekies het?

Ons skryf

Skryf n spesiale kaartjie aan die ster wat deur jou maats gekies is. Wens hom of haar geluk daarmee dat hy of sy so gewild is.



Verbeel jou nou dat jy een van daardie spesiale sterre is. Skryf 'n dagboekstukkie vir een dag in jou lewe.



60

Kom ons kyk na die regte sterre

DATUM

Ons lees **Lees die gedeelte en vul jou eie besonderhede in.**

Ons lewe almal op planeet Aarde.

Ek woon in 'n huis op _____ **-straat of -weg.**

Die straat is in 'n dorp of stad met die naam _____.

Die dorp of stad is in die provinsie _____.

Die provinsie is in die land Suid-Afrika.

Son

Mercurius is die planeet die naaste aan die son. Dit is die warmste planeet.



Mercurius



Venus

Jupiter is so groot dat al die ander planete daarin sou kan inpas.



Aarde



Mars



Mercurius, Venus en Mars bestaan uit soliede rots, soos die aarde.

Die buitenste planete Jupiter, Saturnus, Uranus en Neptunus bestaan uit gas.

Die land is op die kontinent Afrika.

Die kontinent Afrika is op planeet Aarde.

Planeet Aarde vorm deel van die sonnestelsel.

Die aarde is een van die 8 planete in die sonnestelsel.

Die planete wentel om die son.



Daar was 9 planete in ons sonnestelsel. Daar is egter besluit dat Pluto te klein is om as 'n planeet beskou te word. Nou word dit 'n dwergplaneet genoem.

Die planete is na die ou Romeinse gode vernoem.

Jupiter	Die koning van die gode
Saturnus	Die god van landbou
Mars	Die god van oorlog
Mercurius	Die boodskapper van die gode
Venus	Die godin van liefde en skoonheid



61

Uit 'n ander wêreld

DATUM

Ons skryf Kyk weer na die vorige werkkaart en beantwoord dan hierdie vrae.

Watter planeet is die naaste aan die son?		
Watter planeet is die grootste in die sonnestelsel?		
Watter planeet is die warmste?		
Watter planeet is die kleinste en word nou 'n dwergplaneet genoem?		
Watter planeet is vernoem na die godin van liefde?		
Watter planete bestaan uit soliede rots?		
Watter plante bestaan hoofsaaklik uit gasse?		

Ons skryf Kom ons kyk na die adjektiewe. Adjektiewe sê vir ons meer oor selfstandige naamwoorde. Wat sê hierdie adjektiewe vir ons? Onderstreep eers die adjektiewe in elk van hierdie sinne. Sê dan of die adjektiewe vir ons vertel van:





kleur | grootte | smaak | tipe

Die aarde is 'n blou planeet.	
Jupiter is die grootste planeet.	
Ons het heerlike koek by haar partytjie geëet.	
Ons dra in die winter wolserpe.	









Wanneer ons verskillende dinge met behulp van adjektiewe met mekaar vergelyk, noem ons dit trappe van vergelyking. Daar is reëls wat ons moet volg. Die meeste adjektiewe kry 'n -er en 'n -ste.







Wanneer adjektiewe uit 'n paar lettergrepe bestaan, gebruik ons soms **meer** en **mees** om die trappe van vergelyking aan te dui. Voorbeeld: teruggetrokke, meer teruggetrokke, mees teruggetrokke.



Ons skryf

Voltooi hierdie tabel van adjektiewe.
Ons het vir jou 'n voorbeeld gedoen.

versigtig	versigtiger	versigtigste
mooi		
	kleurvoller	
wonderlik		
	meer teleurgestel	
interessant		
		mees onbeheersde

Skryf 3 sinne met woorde uit die tabel hierbo.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

62

Ons ontmoet iemand van 'n ander planeet

DATUM



Ons praat Kyk na die prent en gesels daaroor.

- Dink jy daar woon mense op ander planete?
- As daar sulke mense is, hoe dink jy lyk hulle?



Ons rolspeel Maak 'n rolspel met jou maat op waarin jy 'n onderhoud met iemand uit die buitenste ruim voer. Vra jou maat vrae wat met die woorde hieronder begin.

Ons skryf Vul nou jou vrae en die vreemdeling se antwoorde in.

Jy	Die vreemdeling
Wat	
Waar	
Waarom	
Wanneer	
Wie	
Hoe	



Ons skryf

Beskryf nou die vreemdeling. Sê hoe hy lyk, hoe groot hy is, watter vorm hy het, hoe hy beweeg, en so meer. Skryf soveel sinne as wat jy kan om die besoeker van 'n ander planeet te beskryf.















Onderwyser:

Teken:

Datum:

63

Meer oor taal

DATUM

Die gebruik van 'n en die
Onthou ons gebruik **die** wanneer ons van 'n spesifieke lid van 'n groep praat.
Voorbeeld: Die seun moes **die** boek na die biblioteek terugneem.
Ons gebruik **'n** wanneer ons nie na 'n spesifieke ding of persoon verwys nie.
Voorbeeld: My maat het vir my **'n** appel gegee.

En, omdat en daarom is voegwoorde. Ons gebruik hulle om sinne te verbind.

Ons skryf

Vul **'n** of **die** in om hierdie sinne te voltooi:

_____ boek behoort aan my.	_____ hond is siek en moet veearts toe gaan.
Ek woon in _____ geel huis.	Ek wil graag _____ roomys hê.
Kan jy vir my _____ pen leen?	Kan ek asseblief _____ lemoen kry?
Ek het _____ nuwe handsak nodig.	_____seun was laat vir skool.

Trek 'n streep van die woorde in die blou raam na die woorde in die pienk raam om die sinne te voltooi. Onderstreep in elke sin die voegwoord.

Hy het die straat oorgesteek omdat	het ek biblioteek toe gegaan.
Sy het haar resepteboek uitgehaal omdat	het ek na die kennisgewingbord gaan kyk.
Ek wou gaan sokker speel, daarom	die robot groen was.
Ek het nie geweet wanneer ons netbal sou oefen nie, daarom	het ek my sokkerstewels saamgeneem.
Ek het laat gaan slaap, en	sy 'n koek wou bak.
Ek het niks gehad om te lees nie, daarom	ons 'n wedstryd sou speel.
Ons het na die sportveld gegaan, omdat	ek kon die volgende oggend nie wakker word nie.
Sy het na die kliniek toe gegaan, omdat	die landpos te stadig is.
Hy het sy groente geëet omdat	sy siek gevoel het.
Sy het vir haar maat 'n e-pos gestuur omdat	dit goed vir hom is.

Ons skryf

Vul die regte voornaamwoorde in elke sin in. Moenie vergeet om aan die begin van sinne hoofletters te gebruik nie.



ek	my	_____ het klaar _____ tas vir die vakansie ingepak.
hy	sy	_____ het 'n groot hond by _____ huis.
jou	jy	Het _____ 'n boek by _____?
sy	hy	_____ het _____ boek maar nie sy pen nie.
sy	haar	_____ het _____ boek by die huis vergeet.
sy	hy	_____ het _____ poot seergemaak toe hy geval het.
myne	my	Dit is _____ boek. Die boek is _____.
hulle s'n	hulle	Hulle het _____ motor garage toe geneem. Daardie fiets is ook _____.

Ons skryf

Gebruik **so 'n** of **sulke** om die volgende sinne te voltooi.





Ons het ☐ heerlike vakansie gehad!

Kan jy vir ons ☐ pette kry?

Ons het vandag ☐ lekker weer gehad!

Ons het vandag ☐ mooi film gesien.

Sy het vir ons ☐ heerlike, ryp perskes gegee.

Daar het ☐ gawe mense langs ons ingetrek



Ons skryf

Kyk of jy die regte woorde in die sinne hieronder kan invul. Gebruik die woorde in die raam om jou te help.

by	onder	buite	per	binne	toe

Ben gaan ☐ bus skool toe.

Ons gaan van Maandag tot Vrydag skool ☐.

Wanneer jy met 'n bal speel, moet jy ☐ speel, nie ☐ die huis nie.

Sy het haar boek ☐ die boom gelees.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

64

Meer oor boeke

DATUM



Wanneer ons 'n ensiklopedie gebruik, moet ons ons vluglees-vaardighede gebruik om te kyk watter volume ons nodig het. Vul in watter volumes 'n mens vir die onderwerpe in die tabel hieronder sal moet raadpleeg.





Onderwerp	Volume	Onderwerp	Volume
Leeus	5	Rekenaars	
Haaie		Planete	
Sokkerreëls		Spysvertering	
Tuinmaak		Gauteng	
Perde		Vitamiene	
Zulu		Jupiter	



Ons skryf

Watter boek lees jy op die oomblik? Vul die besonderhede oor die boek hieronder in.

Naam van boek	
Outeur	
Wie is die hoofkarakters?	
Waaroor handel die boek?	

Vir die pret

Kom ons speel 'n ruimtespeletjie. Gebruik 'n dobbelsteen en merkers om te speel, en begin by nommer 1.





Woordeboek

A a

G g

B b

H h

C c

I i

D d

J j

E e

K k

F f

L l


M
m
S
s
N
n
T
t
O
o
U
u
P
p
V
v
Q
q
W
w
R
r
X-Z
x-z

Soentjies en drukkies

Vir my?

Gelukkige Valentynsdag

I ♥ U

Koel!



Mamma Moedersdag

Mamma

Liefde

Ma Mamma

Gelukkige moedersdag

Jy is die koelste!

Word gou



gesond!

Liefde

Veels geluk
met jou
verjaarsdag!



Moedersdag
Mamma
Liefde
Ma









Concentric twist:

Cut on all the solid lines. Start from the outside and bend the rings by folding them on the dotted lines. Make a hole on the black dot by pressing a pencil through it. Hang the sculpture by tying a string through the hole.

Bookmark

Cut out the bookmark. Write down the titles of the books you read. When you find words you do not know, write them on the back.






1
2
3

